**“goedgekeurde besigheidafvalhouer”**, ‘n vullissak, ‘n goedgekeurde houer met ‘n bergingkapasiteit van vyf-en-tagtig tot negentig (85-90) liter, ‘n goedgekeurde houer met ‘n bergingkapasiteit van tweehonderd-en-veertig (240) liter of enige ander goedgekeurde houer vir besighede, soos deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof voorgeskryf;

**“goedgekeurde houer”**, ‘n houer goedgekeur om enige of ‘n spesifieke tipe afval tydelik te berg in, totdat dit deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof of ‘n gemagtigde diensverskaffer verwyder kan word;

**“goedgekeurde huishoudelike afvalhouer”**, ‘n vullissak, ‘n goedgekeurde houer met ‘n bergingskapasiteit van tweehonderd-en-veertig (240) liter of enige ander goedgekeurde houer vir huishoudings, soos deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof voorgeskryf;

**“groot afval”**, huishoudelike of besigheidsafval wat as gevolg van die massa, vorm, grootte, of omvang daarvan nie normaalweg in ‘n goedgekeurde standaard afvalhouer geplaas kan word nie;

**“hersirkuleerbare afval”**, afval wat van die afvalstroom geskei kan word, en hergebruik of hergesirkuleer kan word;

**“hersirkulering”**, ‘n proses waardeur herwinde afval verder verwerk word tot ‘n produk of ‘n rou materiaal;

**“herwinning”**, ‘n proses waardeur afval herwin word, en sluit die skeiding van afval op enige plek in die afvalstroom, vir verdere gebruik in;

**“houer van afval”**, enige persoon of entiteit wat afval invoer, genereer, kollekteer, versamel, verwyder, hanteer, opgaar, berg, vervoer, verwerk, oorlaai, behandel, verhandel, uitvoer, herwin, hersirkuleer, hergebruik of daarmee wegdoen, insluitende sorteerders en hersirkuleerders van afval, afvalminimaliseringsgroepe, skroothandelaars en ander tipes terugkoopinisiatiewe;

**“huishoudelike afval”**, afval wat op ‘n perseel gegeneer word, voortspruitend uit die primêre gebruik van die perseel vir--

(a) residensiële doeleindes soos ‘n woonhuis, woonstel, koshuis, losieshuis of ‘n ouetehuis;

(b) onderwys, sport- en ontspanningsdoeleindes; en

(c) openbare aanbidding, insluitende ‘n saal of ander gebou vir godsdienstige doeleindes, en sluit komposteerbare tuinafval en huishoudelike gesondheidsorg afval in, maar sluit gevaarlike afval, besigheid afval, bou afval, groot afval, nie-komposteerbare tuinafval, spesiale afval, vloeistowwe of nagvuil uit;

**“industriële afval”**, afval gegeneer deur vervaardigingsprosesse, industriële aktiwiteite of onderhoudsaktiwiteite by nywerhede, en kan insluit, maar is nie beperk tot, afval gegeneer deur alle kategorie van nywerhede, agri-nywerhede, landbou, mynbou aktiwiteite of kragopwekking, maar sluit nie enige ander kategorie van afval in nie;

**“kommersiële dienste”**, enige afvalbestuursdiens, verwant tot of gekoppel aan die opgaar, kollektering, verwydering, bestuur, hersirkulering, sortering, berging, behandeling, vervoer, wegdoening, koop of verkoop van afval of enige ander afvalaktiwiteite, maar sluit die afvalbestuursdiens wat deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof as ‘n munisipale diens gelewer word uit;

**“komposteerbare tuinafval”**, organiese afval wat uit normale huishoudelike tuinaktiwiteite voortspruit, insluitende grassnysels, blare, plante, blomme en ander soortgelyke bio-afbreekbare materiaal wat in ‘n vullissak opgehoop kan word, maar met uitsluiting van nie-komposteerbare tuinafval of nie-komposteerbare afval gegeneer as ‘n gevolg van tuindienste aktiwiteite;

**“landbou grond”**, grond wat vir landbou doeleindes gesoneer is, hetsy of dit in ‘n stedelike gebied of landelike gebied geleë is;

**“landbou- en plaasafval”**, alle tipes afval gegeneer op plase as deel van landbouprosesse of deur gewone huishoudelike of besigheidsaktiwiteite of landbou aktiwiteite op plase;

**“minimalisering”**, die maatreëls wat die deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof, inwoners, besighede en industrieë implementeer word, om die generering en wegdoening van afval te vermy, en die volume en toksisiteit van afval gegeneer en weggedoen mee te verminder;

**“munisipale diens”**, die munisipale dienste gelewer met betrekking tot die verwydering van afval en verwante afvalbestuuraktiwiteite, deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof of 'n gemagtigde diensverskaffer namens die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

**“Munisipaliteit”**, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

**“nasionale regering”**, die regering en die onderskeie nasionale departemente van die Republiek van Suid-Afrika;

**“okkupeerder”**, 'n persoon wat grond of 'n perseel okkupeer en beheer, en sluit 'n bewoner van 'n perseel in;

**“omgewing”**, die individuele dele, interverwantskappe en totale som van alle elemente, eienskappe en toestande, wat gesamentlik die omgewing uitmaak waarin lewende organismes en ekosisteme bestaan;

**“openbare oorlas”**, wat die begrip **“oorlas”** insluit, enige handeling, versuim of toestand op of by enige perseel of 'n openbare plek of openbare pad, met inbegrip van enige verwysing na enige gebou, struktuur of gewas op sodanige perseel of openbare plek of openbare pad, wat die veiligheid van persone of eiendom in gevaar kan stel of wat onooglik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend vir ander mense is;

**“openbare kennisgewing”**, 'n kennisgewing aan die publiek, gepubliseer in 'n plaaslike nuusblad, en aangebring op die offisiële kennisgewingbord van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

**“openbare pad”**, wat insluit enige munisipale straat of steeg of padreserwe, enige openbare pad, soos bedoel in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No 93 van 1996), soos gewysig;

**“openbare plek”**, enige perseel of eiendom of grond waartoe die publiek toegang het, wat insluit, maar nie beperk is tot: enige plein; gebou; park; ontspanningsgebied; sportgronde; oop ruimte; reservaat; munisipale straat of steeg of straatreserwe; openbare pad; parkeerarea; munisipale meent; ongebruikte, gebruikte, beboude of onbeboude munisipale grond; of 'n begraafplaas, waaroor die Munisipaliteit van Theewaterskloof jurisdiksie het;

**“perseel”**, enige grond, geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof waarvan die buitengrense afgebaken is op 'n algemene plan of diagram of deeltitelplan, en wat ingevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is, wat insluit 'n gebou of struktuur wat op sodanige grond gebou of opgerig is;

**“persoon”**, sluit vir doeleindes van hierdie verordening, 'n natuurlike persoon, 'n regspersoon, enige onderneming, 'n vereniging of organisasie of 'n instelling van die staat, in;



**“SAAIS”**, is die nasionale afvalbestuurinligtingstelsel, soos voorsien voor in die “National Environmental Management: Waste Act”, 2008 (Wet No 59 van 2008), soos gewysig;

**“SANS-kode”**, ‘n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard, soos voorsien in die Wet op Standaarde, 2008 (Wet No. 8 van 2008), soos gewysig, en die gebruik van die afkorting “SANS”, gevolg deur ‘n series van nommers, verwys na ‘n spesifieke SANS-kode van praktyke, spesifikasies of standaarde, wat onder die spesifieke nommer gepubliseer is;

**“skeiding van afval”**, die skeiding van afval in nie-hersirkuleerbare en sirkuleerbare afval, met die oogmerk om die verskillende tipes sirkuleerbare afval te hergebruik of te herverwerk as bruikbare produkte, en **“sortering van afval”** het ‘n ooreenstemmende betekenis;

**“spesiale afval”**, nie-gevaarlike industriële afval, wat tipes afval insluit met fisiese en / of chemiese eienskappe, wat noodsaak dat die afval by afvalstortingfasiliteite op ‘n spesiale wyse hanteer moet word, en sluit besoedelde grond, rou dieremis, dooie diere en enige ander afval in, wat in die opinie van die Munisipaliteit van Theewaterskloof spesiale afval is;

**“spesiale industriële afval”**, afval bestaande uit vloeistowwe, slyk of soliede substansies, wat die resultaat van vervaardigingsprosesse, industriële behandelings of die behandeling van grondstowwe is, wat die wegdoening van enige industriële of vloeibare mynbou afval voorafgaan;

**“Stelselwet”**, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet No 32 of 2000), soos gewysig;

**“tarief”**, die fooie betaalbaar vir die voorsiening van ‘n munisipale diens, soos jaarliks in terme van die Tarief Verordening van die Munisipaliteit van Theewaterskloof bepaal;

**“tuinafval”**, afval gegeneer in ‘n tuin, soos ondermeer dooie of groen plantmateriaal, blare, vrugte, sade, blomme, gras, takke, stompe, of enige ander afvalmateriaal van ‘n plantkundige aard;

**“tuindienste aktiwiteite”**, die voorsiening van tuindienste, insluitende die sny van gras, snoei van bome of enige ander tuinboukundige aktiwiteite, insluitende landskapskepping vir enige huishoudelike, besigheid, kommersiële of industriële persele;

**“vergaderbak”**, ‘n houer wat gebruik word vir die tydelike berging van afval;

**“verwydering”**, die aktiwiteit gerig op die kollektering van huishoudelike of besigheidsafval deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof of ‘n gemagtigde diensverskaffer, by die plek waar dit gegeneer of geberg word, en **“versamel”** het ‘n soortgelyke betekenis;

**“vullis”**, huishoudelike en besigheid afval van so vorm of grootte dat dit in goedgekeurde huishoudelike afvalhouers of goedgekeurde besigheidafvalhouers geplaas kan word, of enige ander wat in die opinie van die Munisipaliteit van Theewaterskloof vullis is;

**“vullissak”**, ‘n plastieksak met afmetings van sewehonderd-en-vyftig (750) millimeter by negehonderd-en-vyftig (950) millimeter en ten minste twee-en-twintig (22) micron dik, of soos andersins voorgeskryf, en sluit in plastieksakke aangewend as blikuitvoerings;

**“werksdag”**, is ‘n gewone dag, en sluit Saterdag, Sondag of openbare vakansiedae uit; en

**“wetgewende bepalinge”**, die bepalings van die “National Environmental Management: Waste Act”, 2008 (Wet No 59 van 2008), soos gewysig; die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No 107 van 1998), soos gewysig; die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No 73 van 1989), soos gewysig, en enige regulasies uitgevaardig in terme van die wetgewing, of enige provinsiale wetgewing wat verbandhoudende sake reël.

## **2. BEGINSELS VAN DIE VERORDENING**

- (1) Dit is die Munisipaliteit se verantwoordelikheid om te verseker dat alle afval wat binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit gegenereer word –
  - (a) ingevolge die bepalings van hierdie verordening verwyder, mee weggedoen of herwin word; en
  - (b) dat sodanige verwydering, wegdoening of herwinning, die afvalbestuurshiërargie wat in subartikel 2(2) van hierdie verordening uiteengesit word, in ag neem.
- (2) Die primêre beginsel wat hierdie verordening ondervang, is die vestiging van ‘n afvalbestuurshiërargie van prioriteite in die volgende prioriteitsorde van aktiwiteite –
  - (a) vermyding, minimalisering en vermindering van afval;
  - (b) hergebruik van afval;
  - (c) hersirkulasie, herwinning, verwerking en behandeling van afval; en
  - (d) wegdoening van afval.
- (3) ‘n Afvalbestuurbeampte gemagtig in terme van hierdie verordening, moet sover moontlik, die afvalbestuurshiërargie van prioriteite, soos gespesifiseer in subartikel 2(2) van hierdie verordening, in ag neem met afvalbestuur.

## **3. DOELWITTE VAN DIE VERORDENING**

- (1) Die doelwitte van hierdie verordening is –
  - (a) om die verwydering, hantering, berging, vervoer, hersirkulasie, behandeling en wegdoening van afval te reguleer;
  - (b) om die nastrewing van ‘n geïntegreerde afvalbestuursbenadering te reguleer;
  - (c) om die voorsiening van munisipale afvalverwydering- en afvalsorteringdienste deur gemagtigde diensverskaffers vir kommersiële afvalbestuursdienste te reguleer; en
  - (d) om volhoubare ontwikkeling te bevorder.
- (2) In nastrewing van die doelwitte van hierdie verordening, moet die Munisipaliteit –

- (a) poog om plaaslike gemeenskapsdeelname in plaaslike afvalbeplanning te verseker;
- (b) poog om die verbruik van natuurlike hulpbronne te minimaliseer;
- (c) die hersirkulasie en hergebruik van afval te bevorder;
- (d) poog om die skeiding van afval vir die hergebruik en hersirkulasie daarvan te fasiliteer en aan te moedig;
- (e) die effektiewe verkryging, beplanning en lewering van munisipale afvalbestuursdienste en kommersiële afvalbestuursdienste verbeter;
- (f) poog om in plaaslike verband, geïntegreerde afvalbestuur, beplanning en dienste te bereik;
- (g) om omgewingsverantwoordelike munisipale afvalbestuursdienste dienste en kommersiële afvalbestuursdienste dienste te bevorder en te verseker; en
- (h) daarna streef om nakoming van die bepalinge van hierdie verordening te verseker.

#### **4. TAKE EN VERPLIGTINGE**

- (1) 'n Houer van afval moet alle redelike maatreëls tref om –
  - (a) afvalgenerering te vermy of te verminder en die toksisiteit van die afval wat as sulks gegenereer word, te minimaliseer;
  - (b) afval te hergebruik, te hersirkuleer en te herwin;
  - (c) op 'n omgewingsverantwoordelike wyse met afval weg te doen;
  - (d) afval so te bestuur dat dit nie gesondheid of die omgewing in gevaar stel nie, en geen geraas, reukoorlas of visuele steurnis veroorsaak nie;
  - (e) te voorkom dat afval gebruik word vir 'n ongemagtigde doel, insluitende optredes om te voorkom dat persone onder beheer van die houer van vullis, hierdie verordening oortree.
- (2) 'n Persoon wat 'n produk verkoop of 'n diens verskaf wat deur die publiek gebruik word, en wat waarskynlik die generering van gevaarlike afval tot gevolg sal hê, moet alle redelike stappe doen om die publiek oor die uitwerking van sodanige afval op persoonlike gesondheid en die omgewing in te lig.
- (3) 'n Gemagtigde beamppte mag van enige persoon wat verantwoordelik is vir die take en verpligtinge soos opgelê in subartikels 4(1) en 4(2) van hierdie verordening, vereis om maatreëls te tref om die nakoming van hierdie verpligtinge en die uitvoering van die vereiste take te verseker; welke maatreëls bedoel mag wees om –
  - (a) die uitwerking op die omgewing te ondersoek, te assesseeer en te evalueer;

- (b) werknemers omtrent die omgewingsrisikos van hulle werk en die wyse waarop hulle hul take moet uitvoer in te lig en op te lei, ten einde die gevolge van wesentliche besoedeling of degradering van die omgewing te vermy;
- (c) enige handeling, aktiwiteit of proses wat besoedeling of degradering van die omgewing kan veroorsaak, te beëindig, te verander of te beheer;
- (d) die beweging van besoedelende stowwe of oorsake van degradering van die omgewing, inperk of voorkom;
- (e) enige bronne van besoedeling of degradering van die omgewing te elimineer; of
- (f) die effekte van besoedeling of degradering van die omgewing regstel.

## **HOOFSTUK 2 GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUUR**

### **5. AFVALBESTUURSPLANNE**

- (1) Die Munisipaliteit sal –
  - (a) 'n geïntegreerde afvalbestuursplan ingevolge die voorskrifte van wetgewende bepalinge vir die Munisipaliteit opstel, en sodanige plan deurlopend nagaan en hersien;
  - (b) jaarliks verslag oor die implementering van die geïntegreerde afvalbestuursplan van die Munisipaliteit doen; en
  - (c) die voorgeskrewe statutêre gemeenskapskonsultasie prosesse soos voorgeskryf in wetgewende bepalinge navolg.
- (2) Die Munisipaliteit mag enige houër van industriële afval versoek, om 'n afskrif van die afvalbestuursplan van die betrokke industriële sektor, soos voorgeskryf deur wetgewende bepalinge, by die Munisipaliteit in te handig.
- (3) Vir alle geleenthede georganiseer en aangebied in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, moet die geleentheidsorganiseerder ten minste een (1) maand voor die geleentheid by die Munisipaliteit 'n afvalbestuursplan indien, wat sal insluit die besonderhede oor afvalbestuursdienste wat voorsien sal word en enige ander inligting wat deur die Munisipaliteit verlang word.
- (4) Die Munisipaliteit mag afhangende van die grootte, aard en duur van 'n byeenkoms, voorwaardelike vrystelling toestaan van bepalinge van hierdie verordening.
- (5) Die eienaar of enige ander persoon verantwoordelik vir 'n nuwe ontwikkeling, moet voor die aanvang van sodanige ontwikkeling, 'n afvalbestuursplan wat sal insluit sodanige inligting as wat die Munisipaliteit mag benodig, by die Munisipaliteit indien.

## **6. AFVALBESTUURINLIGTINGSTELSEL**

- (1) Die Munisipaliteit sal 'n afvalinligtingstelsel daarstel en onderhou, insluitende inligting betreffende die vlakke en omvang van afvalbestuursdienste deur die Munisipaliteit verskaf, en wanneer benodig moet die Munisipaliteit sodanige inligting op die SAAIS plaas.
- (2) Ten einde die Munisipaliteit in staat te stel om die statutêre verantwoordelikhede in terme van subartikel 6(1) van hierdie verordening na te kom, mag die Munisipaliteit van 'n houër van afval of enige ander persoon verlang, om binne 'n redelike tyd of op 'n gereelde basis, die Munisipaliteit van sodanige data, dokumente, inligting, monsters van materiale benodig, en die verifikasie van inligting, soos benodig te voorsien.
- (3) Die Munisipaliteit mag 'n persoon of 'n houër van afval wat in die Munisipaliteit se opinie op die SAAIS geregistreer behoort te wees, versoek om sodanige registrasie te doen en bewys daarvan by die Munisipaliteit in te dien, of alternatiewelik binne 'n redelike tydperk bewys te lewer dat die persoon of die houër van afval, nie 'n afvalbestuuraktiwiteit uitvoer wat sodanige registrasie verpligtend maak nie.

## **7. MINIMALISERING EN HERSIRKULERING VAN AFVAL**

Die Munisipaliteit sal ooreenkomstig verantwoordelikhede en beskikbare hulpbronne, progressief maatreëls implementeer om afval te verminder, en die herwinning, hergebruik en hersirkulasie van afval, insluitende die skeiding van afval by die bron, vir bepaalde diensvlakke te bevorder.

### **HOOFSTUK 3 AFVALVERWYDERING**

## **8. DIENSVLAKKE**

Die diensvlakke vir afvalverwydering mag tussen areas verskil, gebaseer op praktiese en koste oorwegings vir dienslewering in 'n gebied, en die volgende diensvlakke kan in 'n area aangebied word -

- (i) gereeld gemoniteerde verwydering en wegdoening;
- (ii) 'n sentrale verwyderingspunt;
- (iii) georganiseerde oordrag na 'n sentrale verwyderingspunt en sypaadjieverwydering; en
- (iv) 'n kombinasie van voorgemelde diensvlakke.

## **9. DIENSOORENKOMS**

- (1) Die Munisipaliteit sal afvalverwyderingdienste lewer aan alle beboude besigheid en huishoudelike persele, teen diensgelde soos wat jaarliks bepaal word, en die eienaars of okkupeerders van sodanige persele moet van die beskikbare afvalverwyderingdiens van die Munisipaliteit gebruik maak.

- (2) Die okkupeerder van 'n perseel, of in die geval waar 'n perseel meer as een okkupeerder het, die eienaar van die perseel waarop besigheid of huishoudelike afval gegenereer word, sal waar 'n afvalverwyderingsdiens van die Munisipaliteit beskikbaar is, die Munisipaliteit binne sewe (7) dae van okkupasie of veranderinge in sodanige okkupasie, skriftelik in kennis stel -
- (a) dat 'n perseel een of meer okkupeerders het, of 'n nuwe okkupeerder het; en
- (b) of die verlangde afvalverwyderingsdiens vir besigheid of huishoudelike doeleindes is.
- (3) 'n Eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel sal aanspreeklik wees om aan die Munisipaliteit die voorgeskrewe gelde vir die voorsiening van afvalverwyderingsdienste, op die datum soos aangedui in 'n rekening ontvang van die Munisipaliteit te betaal, en by versuim sal uitstaande en verskuldigde gelde ingevolge die bepalinge van die Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering van die Munisipaliteit van Theewaterskloof ingevorder word.
- (4) 'n Besigheid mag verkies om met 'n gemagtigde diensverskaffer te kontrakteer om afval te verwyder, maar die eienaar of okkupeerder van die betrokke besigheidperseel sal nie geregtig wees op vrystelling van of 'n vermindering in die diensgelde deur die Munisipaliteit vasgestel, bloot uit hoofde van die feit dat geen of beperkte gebruik van die Munisipaliteit se afvalverwyderingsdiens gemaak word nie.
- (5) Besikbaarheidstariewe, soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit vasgestel, mag op vakante persele gehef word.
- (6) Die Munisipaliteit sal bepaal watter afval nie geskik is vir verwydering deur middel van die normale afvalverwyderingsdiens van die Munisipaliteit nie, indien sodanige afval nie as huishoudelike of besigheid afval beskou kan word nie, en nadat sodanige bepaling gemaak was, sal die Munisipaliteit vir die houer van die afval of okkupeerder van die perseel 'n proses vir verwydering en wegdoening van sodanige afval aanbeveel.
- (7) Indien die Munisipaliteit se geskeduleerde verwyderingsdienste vir watter rede ookal onderbreek word, sal die Munisipaliteit die diens so gou as redelik moontlik hervat en agterstande as 'n prioriteit hanteer.
- (8) Klagtes oor 'n afvalverwyderingsdiens sal ingevolge die kliëntedienshandves van die Munisipaliteit hanteer word.

## 10. FREKWENSIE VAN VERWYDERING

- (1) Die Munisipaliteit sal huishoudelike afval en besigheid afval ten minste een keer per week, op geskeduleerde datums vir die verskillende gebiede verwyder, en indien verwyderingsreëlins hersien moet word, sal okkupeerders of eienaars vooraf kennisgewing van veranderde skedules ontvang, deur middel van een of meer toepaslike metodes van kommunikasie.
- (2) Die Munisipaliteit sal vasstel watter besigheidpersele genereer afval wat as daaglikse volumes beskou moet word, asook die frekwensie van afvalverwydering wat ten opsigte van sodanige persele benodig word.

- (3) Indien die Munisipaliteit van mening is dat 'n besigheid 'n oorlas, 'n reuke oorlas, 'n gesondheidsrisiko of gevaar vir openbare gesondheid veroorsaak, omdat afval nie oor naweke verwyder word nie, mag die Munisipaliteit opdrag gee dat die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel gebruik maak van die Munisipaliteit se addisionele afvalverwyderingsdiens, wat teen 'n ekstra koste gedurende naweke voorsien word of om op eie koste 'n gemagtigde diensverskaffer aan te stel om die afval gedurende naweke te verwyder.

## 11. VOLUME VAN AFVAL

Die Munisipaliteit moet vir doeleindes van die bestuur van afvalvolumes, vasstel wat -

- (i) die aantal vullissakke of goedgekeurde houers is wat per verwydering vanaf elke residensiële perseel verwyder moet word; en
- (ii) die maksimum hoeveelheid besigheidsafval is wat vir verwydering uitgeplaas mag word, sonder gebruikmaking van 'n addisionele verwyderingsdiens of die betaling van addisionele foie.

## 12. GOEDGEKEURDE AFVALHOERS

- (1) Die Munisipaliteit sal huishoudelike afval geplaas in goedgekeurde huishoudelike afvalhouers, en besigheidsafval geplaas in goedgekeurde besigheidsafvalhouers, en gelaat op sodanig toeganklike plekke op persele in ooreenstemming met bedryfsreëlings vir afvalverwydering, laat verwyder.
- (2) Afval wat nie in 'n korrekte afvalhouer of op 'n plek geplaas word wat nie voldoen aan die Munisipaliteit se bedryfsreëlings vir afvalverwydering nie, sal nie verwyder word nie.
- (3) Goedgekeurde afvalhouers vir die tydelike berging van afval by besigheids of residensiële persele, moet onbeskadig en nie geroes of verinneweer wees nie, maar moet geskik wees vir die veilige berging van afval tot en met verwydering, om die voorkoms van 'n oorlas te beperk of te verhinder, en om die negatiewe impak van afvalmateriaal op die omgewing en publieke gesondheid te beperk.
- (4) Geen persoon mag toelaat dat 'n dier in sy of haar beheer, met 'n afvalhouer wat vir verwydering uitgeplaas is, lol of dit omgooi of beskadig nie.
- (5) Die eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel moet verseker dat -
  - (a) 'n goedgekeurde afvalhouer nie warm as, gebreke glas of ander gevaarlike huishoudelike of besigheidsafval bevat, wat die Munisipaliteit se werknemers in die uitvoering van hul pligte kan beseer of sodanige afvalhouers kan beskadig nie;
  - (b) geen stowwe of materiale of enige vloeistof in 'n goedgekeurde afvalhouer geplaas word nie, wat as gevolg van die massa of ander eienskappe van sodanige stowwe of materiaal of vloeistowwe, die hantering van sodanige afvalhouer onredelik moeilik sal maak of te swaar sal maak om te dra;
  - (c) goedgekeurde afvalhouers toegehou word om diere- en inseksteurnisse, en windgewaaide rommel te vermy;

- (d) goedgekeurde afvalhouers op die geskeduleerde dae en voor die gespesifiseerde tye buite die ingange tot persele geplaas word vir verwydering, welke dae en tye deur die Munisipaliteit bepaal sal word en per geskrewe kennisgewing aan die eienaars of die okkupeerders van persele bekend gemaak sal word, behalwe in individuele spesiale gevalle waar die Munisipaliteit 'n uitsondering vir 'n bejaarde of 'n gestremde persoon maak;
  - (e) in ooreenstemming met spesifikasies, hetsy soos in bouplanne vervat of soos andersins bepaal, voorsiening gemaak word vir ruimtes en enige ander fasiliteite wat die Munisipaliteit nodig mag ag vir die berging van afval in goedgekeurde afvalhouers op 'n perseel, totdat dit verwyder kan word; en
  - (f) die sygaardjie voor en aangrensend tot die perseel skoon en vry van afval gehou word.
- (6) Indien groot hoeveelhede afval daaglik genereer word, moet die eienaar of okkupeerder van 'n perseel verseker dat –
- (a) die betrokke afval nie geplaas word in afvalhouers wat normaal gebruik word, waar dit die normale afvalstroom kan affekteer nie; en
  - (b) die spesiale afvalhouers verskaf vir die oormaat afval, nie meer as twintig (20) meter vanaf die ingang tot die betrokke perseel, vir verwydering geplaas word nie.
- (7) Nieteenstaande enige iets tot die teendeel in hierdie verordening vervat, mag die Munisipaliteit, met inagneming van die voorkoming van oorlaste en die vereistes vir effektiewe afvalverwydering, spesifieke posisies binne of buite persele aandui, waar goedgekeurde afvalhouers op voorafbepaalde dae en op sekere tye gelaat moet word vir verwydering.
- (8) Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel mag enige vullissakke of goedgekeurde afvalhouers wat ander tipes afval as huishoudelike of besigheidafval bevat, buite 'n perseel plaas, behalwe vir spesiale verwydering ingevolge die voorwaardes en bedryfsreëlings van die Munisipaliteit se afvalverwyderingdienste.
- (9) Afvalhouers goedgekeur vir huishoudelike en besigheid afval vir gebruik as vergaderbakke, kan vanaf die Munisipaliteit teen betaling van 'n tarief verkry word.

### **13. GEMEENSKAPSVERWYDERINGFASILITEITE**

- (1) Die Munisipaliteit sal gepaste grootmaat vergaderbakke plaas by sentrale gemeenskapsverwyderingspunte vir afval, wat as geskik geag word vir sodanige vullisverwyderingsdoeleindes.
- (2) Gemeenskapsverwyderingspunte vir afval sal duidelik afgebakende areas wees.
- (3) Die grootmaat vergaderbakke sal volgens spesifikasies soos deur die Munisipaliteit bepaal, vervaardig word en die plasing daarvan sal sover as redelik moontlik –
  - (a) aan die gemeenskap veilige en maklike toegang daartoe bied; en



- (b) maklike toegang aan afvalverwyderingvoertuie bied.
- (4) Die afval by sodanige gemeenskapsversamelpunte sal sover as redelik moontlik een keer per week verwyder word, of binne vier-en-twintig (24) uur nadat 'n vergaderbak as vol by die Munisipaliteit aangemeld word, om rommelstrooiing en besoedeling te voorkom.
- (5) Afvalskeiding by die bron, sal ten opsigte van gemeenskapsverwyderingfasiliteite aangemoedig word en indien lewensvatbaar, sal afsonderlike grootmaat vergaderbakke vir nie-hersirkuleerbare en hersirkuleerbare afval by die gemeenskapsverwyderingspunte voorsien word.

#### **14. HERSIRKULERING VAN AFVAL**

- (1) Enige eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel of enige houer van afval, kan afval vir nie-kommersiële doeleindes by die bron skei in nie-hersirkuleerbare en sirkuleerbare afval, soos deur die Munisipaliteit vasgestel.
- (2) Die Munisipaliteit mag ooreenkomstig verantwoordelikhede en beskikbare hulpbronne, progressief maatreëls en bedryfsreëlings implementeer om die hersirkulering van afval te bevorder, en die Munisipaliteit mag –
  - (a) gebiede bepaal om komposteerbare tuinafval van huishoudelike en / of besigheid afval te skei, deur gebruik te maak van goedgekeurde afvalhouers vir elke tipe afval;
  - (b) gebiede bepaal om afval te verdeel in hersirkuleerbare afval en nie-hersirkuleerbare afval;
  - (c) verskillende goedgekeurde houers vir die afval wat geskei is gebruik en die goedgekeurde houers vir afvalskeiding by plekke soos deur die Munisipaliteit aangedui verskaf en plaas;
  - (d) beleide vir die skeiding van nie-hersirkuleerbare en sirkuleerbare afval uit alle tipes afvalbronne ontwikkel en implementeer, en die tipes afval wat as nie-hersirkuleerbare en sirkuleerbare afval beskou moet word, identifiseer; en
  - (e) enige ander redelike voorgeskrewe prosedures ter bevordering van die hersirkulering van afval volg.
- (3) Die Munisipaliteit mag vir hersirkuleerbare afval aflaaistaties skep op plekke, wat maklik toeganklik en veilig vir die publiek is.

#### **15. OPGAAR VAN AFVAL**

- (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel, moet seker maak dat alle huishoudelike of besigheid afval op die perseel gegeneer, uitgeplaas word vir verwydering en nie onnodig opgehoop word nie.

- (2) In die geval waar 'n tipe afval, nie op 'n gereelde basis deur die Munisipaliteit verwyder word nie of deur 'n gemagtigde diensverskaffer verwyder moet word, moet die eienaar of okkupeerder van die betrokke perseel en / of die houer van die afval, so dikwels as nodig reëlings tref vir die verwydering, vervoer en wegdoening van die afval by 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit, om die ongevraagde opgaar van die afval en die ontstaan van 'n oorlas te beperk, en om die negatiewe impak van afvalmateriaal op die omgewing en publieke gesondheid te voorkom.
- (4) Die Munisipaliteit mag enige perseel betree, indien 'n redelike vermoede bestaan dat afval aldaar, ongeag die tipe, opgehoop word, en die Munisipaliteit kan die persoon wat die afval genereer of die eienaar of die okkupeerder van die tersaaklike perseel beveel om die afval onmiddellik te verwyder, en by versuim mag die Munisipaliteit voortgaan om die opgegaarde afval op die koste van die eienaar of die okkupeerder van die perseel waar die afval opgehoop word, te verwyder

## **HOOFSTUK 4 HANTERING VAN VERSKILLENDE TIPES AFVAL**

### **Deel 1 – Tuinafval**

#### **16. KOMPOSTERING**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop tuinafval gegenerer word, mag die tuinafval op sodanige perseel komposteer, met dien verstande dat sodanige kompostering nie 'n oorlas veroorsaak en behoorlik afgeskerm word van die straat of 'n nadelige uitwerking op menslike gesondheid en die omgewing het nie.

#### **17. WEGDOENING VAN NIE-KOMPOSTEERBARE TUINAFVAL**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop nie-komposteerbare tuinafval gegenerer word, moet binne 'n redelike tyd nadat sodanige afval gegenerer is, die afval verwyder of laat verwyder, en daarmee wegdoen by die naaste afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit, tensy die Munisipaliteit anders bepaal.

### **Deel 2 - Groot Afval**

#### **18. VERWYDERING EN WEGDOENING**

- (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop groot afval gegenerer word, moet verseker dat sodanige afval binne veertien (14) dae na generering daarvan verwyder en mee weggedoen word by die naaste afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit, tensy die Munisipaliteit anders bepaal.
- (2) Op die versoek van die eienaar of die okkupeerder van enige perseel, mag die Munisipaliteit groot afval vanaf sodanige perseel verwyder, met dien verstande dat die Munisipaliteit oor die geskikte afvalverwyderingtoerusting beskik en dat die koste verbonde aan die spesiale verwydering deur die eienaar of okkupeerder van die perseel betaal word.

### **Deel 3 – Bou afval**

#### **19. BOUPLANGOEDKEURINGS EN INSPEKSIES**

- (1) Die eienaar of okkupeerder of enige persoon verantwoordelik vir die indiening van bouplanne vir 'n nuwe gebou of 'n verandering aan 'n bestaande gebou, moet in die bouplanaansoek die manier aandui waarvolgens daar tydens die konstruksiefase oor boumateriaal beskik sal word.
- (2) 'n Gemagtigde beampte van die Munisipaliteit moet tydens die konstruksieperiodes van 'n gebou en / of 'n projek, gereelde inspeksies uitvoer op 'n konstruksieterrein, om te bepaal en te verifieer dat die vereiste reëlings vir die beskikking van bou afval deurlopend nagekom word, soos in subartikel 19(1) van hierdie verordening beoog.

#### **20. BERGING VAN BOU AFVAL**

- (1) Nieteenstaande die vereistes wat deur die Munisipaliteit gestel word vir bou afval met die goedkeuring van bouplanaansoeke, moet die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop bou afval gegeneer word en / of die persoon verantwoordelik vir die bouaktiwiteite waar sodanige afval gegeneer word, verseker dat –
  - (a) alle bou afval en die houers vir die berging daarvan, gehou word op die perseel waar die bou afval gegeneer word;
  - (b) die perseel waarop die bou afval gegeneer word, nie onooglik of 'n oorlas word as gevolg van die opgaar van bou afval nie; en
  - (c) enige materiaal of bou afval wat deur die wind van 'n bouperseel gewaai word, onmiddelik opgeruim word.
- (2) Op skriftelike versoek en onderhewig aan voorwaardes soos wat deur die Munisipaliteit vasgestel mag word, kan die Munisipaliteit die gebruik van goedgekeurde grootmaathouers vir bou afval goedkeur, en sodanige afvalhouers mag dan vir 'n gespesifiseerde tydperk op die grens van die perseel waarop bou afval gegeneer word, geplaas word.
- (3) Die Munisipaliteit mag 'n eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop bou afval gegeneer word en / of die persoon verantwoordelik vir die bouaktiwiteite wat sodanige afval gegeneer, opdrag gee om spesiale houers vir die berging van bou afval te gebruik.

#### **21. VERWYDERING EN WEGDOENING VAN BOU AFVAL**

- (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop bou afval gegeneer word, en / of die verantwoordelike persoon vir toesig oor die bouaktiwiteite wat sodanige afval gegeneer, moet altyd verseker dat alle bou afval verwyder en mee weggedoen word binne een (1) maand nadat dit gegeneer is.
- (2) Bou afval gegeneer op 'n bouperseel moet mee weggedoen word by die naaste afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit, tensy die Munisipaliteit anders bepaal.

**Deel 4 – Spesiale Afval, Spesiale Industriële Afval, Gesondheidsorg Afval  
en Gevaarlike Afval**

**22. KENNISGEWING EN VERIFIËRING**

- (1) Enige persoon of instelling betrokke by aktiwiteite wat spesiale afval, spesiale industriële afval, gesondheidsorg afval of gevaarlike afval genereer, moet voor die generering van sodanige afval die Munisipaliteit skriftelik in kennis stel van die samestelling van die betrokke afval, die hoeveelheid afval wat gegenereer gaan word, hoe en waar die afval geberg gaan word, hoe die afval verwyder en mee weggedoen gaan word en die besonderhede van die gemagtigde diensverskafer wat verantwoordelik sal wees vir die verwydering, vervoer en wegdoening van die betrokke afval.
- (2) Enige persoon of instelling wat voor die inwerkingtreding van hierdie verordening reeds in bedryf was en reeds sodanige tipes afval, waarna verwys word in subartikel 22(1) van hierdie verordening, gegenereer het, moet binne negentig (90) dae vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie verordening, skriftelik kennis gee aan die Munisipaliteit van die aard en omvang van die betrokke tipe afval wat genereer word, soos voorsien in subartikel 22(1) van hierdie verordening.
- (3) Indien so vereis deur die Munisipaliteit, moet 'n kennisgewing van aktiwiteite vir die generering van die betrokke tipes afval, soos na verwys in subartikels 22(1) en 22(2) van hierdie verordening, geboekstaaf word deur –
  - (a) 'n analise van die afval se chemiese samestelling, gesertifiseer deur 'n toepaslik gekwalifiseerde industriële chemikus; en
  - (b) 'n geskrewe bevestiging van die wyse waarop die afval verwyder, vervoer en mee weggedoen word deur 'n gemagtigde diensverskaffer.
- (4) Die persoon of entiteit waarna verwys word in subartikels 22(1) en 22(2) van hierdie verordening, moet in die geval van enige bedryfsveranderinge, of voor of op die dertigste dag van Junie van elke jaar, 'n geskrewe verslag indien by die Munisipaliteit wat al die inligting insluit soos in subartikel 22(1) van hierdie verordening gestipuleer, en indien die Munisipaliteit dit so verlang, die stawende dokumente soos verwys na in subartikel 22(3) van hierdie verordening, en enige ander inligting wat redelikerwys deur die Munisipaliteit benodig mag word, verskaf.
- (5) 'n Gemagtigde beampte mag op enige redelike tydstip, 'n perseel betree om seker te maak of die afval waarna subartikel 22(1) van hierdie verordening verwys word, op die perseel gegenereer of geberg word, en die gemagtigde beampte mag monsters neem en enige afval wat op die perseel gevind word toets om die samestelling daarvan te bepaal.

### **23. BERGING VAN SPESIALE AFVAL, SPESIALE INDUSTRIËLE AFVAL, GESONDHEIDSORG AFVAL EN GEVAARLIKE AFVAL**

- (1) Spesiale afval, spesiale industriële afval, gesondheidsorg afval of gevaarlike afval wat op 'n perseel gegeneer word, moet op die dieselfde perseel geberg word in goedgekeurde afvalhouers totdat dit verwyder word, behalwe in gevalle waar onmiddellike verwydering vereis word, en berging moet op so wyse geskied dat die ontstaan van 'n oorlas verhinder sal word en die negatiewe impak van afvalmateriaal op die omgewing en publieke gesondheid voorkom sal word.
- (2) Indien die afval waarna in subartikel 23(1) van hierdie verordening verwys word nie in ooreenstemming met voorskrifte soos verwys na in subartikel 23(1) van hierdie verordening geberg word nie, mag die Munisipaliteit die persoon wat die afval genereer of die eienaar of die okkupeerder van die perseel waarop sodanige afval geberg word, opdrag gee om onmiddellik die afval te verwyder, of die Munisipaliteit mag voortgaan om dit self op koste van die eienaar of okkupeerder van die perseel waarop die afval geberg word, te doen.

### **24. VERWYDERING EN WEGDOENING VAN SPESIALE AFVAL, SPESIALE INDUSTRIËLE AFVAL, GESONDHEIDSORG AFVAL EN GEVAARLIKE AFVAL**

- (1) Slegs die Munisipaliteit of 'n gemagtigde diensverskaffer mag spesiale afval, spesiale industriële afval, gesondheidsorg afval of gevaarlike afval, vanaf die perseel waar dit geberg word verwyder en dit vervoer na en wegdoen daarmee by 'n afvalstortingsterrein wat dienooreenkomstig gemagtig is vir sodanige wegdoening.
- (2) 'n Gemagtigde diensverskaffer wat die afval waarna in subartikel 24(1) van hierdie verordening verwys word, verwyder, vervoer en mee wegdoen, moet dit in ooreenstemming met die terme en voorwaardes van die betrokke magtiging, en onderhewig aan die vereistes van enige wetgewende bepalings en SANS-kodes van praktyke, spesifikasies of standaarde doen.
- (3) Die Munisipaliteit mag 'n fasiliteit vir die wegdoening van diere karkasse as spesiale afval voorsien, onderhewig aan die vereistes van enige wetgewende bepalings en toepaslike SANS-kodes van praktyke, spesifikasies of standaarde.

## **Deel 5 - Industriële Afval**

### **25. GENERERING EN BERGING VAN INDUSTRIËLE AFVAL**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop industriële afval gegeneer word, moet verseker dat tot tyd en wyl die afval deur 'n gemagtigde diensverskaffer van sodanige perseel verwyder word –

- (a) die afval geberg word in goedgekeurde houers, wat in 'n spesifiek voorbereide area wat afgesluit is van die algemene publiek, gehou word; en
- (b) die afval geen oorlas, gesondheidsrisiko of omgewingskade in die verloop van die berging veroorsaak nie.

## **26. VERWYDERING EN WEGDOENING VAN INDUSTRIËLE AFVAL**

- (1) Slegs 'n gemagtigde diensverskaffer mag industriële afval vanaf die perseel waar dit geberg word verwyder, en moet sodanige industriële afval vervoer na en wegdoen by 'n afvalstortingsterrein wat dienooreenkomstig daarvoor gemagtig is.
- (2) 'n Gemagtigde diensverskaffer moet die industriële afval waarna in subartikel 26(1) van hierdie verordening verwys word, verwyder, vervoer en mee wegdoen in ooreenstemming met die terme en voorwaardes van die betrokke magtiging, en onderhewig aan die vereistes van enige wetgewende bepalings en SANS-kodes van praktyke, spesifikasies of standaarde.
- (3) Die Munisipaliteit mag spesifieke tye bepaal vir die ontvangs van industriële afval by 'n gemagtigde terrein.

### **Deel 6 - Afvalbande, Afvalmetaal, Motorwrakke en Weggegooide Masjinerie**

## **27. BERGING EN VERWYDERING**

- (1) Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel mag afvalbande, afvalmetaal, motorwrakke en weggegooide masjinerie tydelik berg of opgaar, tensy ingevolge wetgewende bepalings daartoe gemagtig nie.
- (2) Afvalbande, afvalmetaal, motorwrakke en weggegooide masjinerie word nie by enige van die Munisipaliteit se afvalhantering- of afvalstortingfasiliteite aanvaar nie, en enige persoon wat met enige van sodanige afval items wil wegdoen, moet daarmee wegdoen in terme van die voorwaardes soos vir die betrokke tipes afval bepaal word, by 'n afvalstortingsterrein wat gemagtig is om sodanige afval te ontvang.
- (3) Die Munisipaliteit mag die perseel van enige persoon betrokke in die berging of opgaring van afvalbande, afvalmetaal, motorwrakke en weggegooide masjinerie betree en bewyse van enige magtiging of ander tersaaklike dokumente versoek, om die nakoming van wetlike bepalinge te verifieer.

### **Deel 7 - Hersirkuleerbare Afval**

## **28. BERGING, VERWYDERING EN WEGDOENING**

- (1) Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel of enige ander persoon, mag hersirkuleerbare afval tydelik opgaar, sorteer of berg op enige perseel binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit vir kommersiële doeleindes, tensy dit gedoen word in ooreenstemming met subartikels 28(2) en 28(3) van hierdie verordening.
- (2) Enige eienaar of okkupeerder van sodanige herwinningsperseel vir hersirkuleerbare afval, moet voor die aanvang van 'n aktiwiteit wat die hergebruik, herwinning of hersirkulasie van afval vir kommersiële doeleindes insluit, ingevolge wetlike bepalings 'n afvalbestuurmagtiging vir sodanige aktiwiteit bekom.

- (3) Die houer van 'n afvalbestuurmagtiging vir hersirkuleerbare afval, moet die Munisipaliteit voorsien van 'n afskrif van die toepaslike afvalbestuursplan ingedien as deel van die aansoek vir magtiging, en enige sodanige ander inligting as wat die Munisipaliteit mag verlang.
- (4) Slegs 'n gemagtigde diensverskaffer mag hersirkuleerbare afval vanaf die perseel waar dit van ander afval geskei word verwyder, en dit afvoer en mee wegdoen by 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit, dienooreenkomstig gemagtig om sodanige afval te ontvang.

### **Deel 8 – Landbou- en Plaasafval**

#### **29. WEGDOENING**

- (1) 'n Eienaar of okkupeerder van landbougrond, mag op 'n geskikte plek op sodanige grond met landbou- en plaasafval wegdoen, met dien verstande dat die brand van afval sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit verbode sal wees.
- (2) 'n Eienaar of okkupeerder van landbougrond, mag nie op sodanige grond van enige hoeveelheid gevaarlike afval, wat in normale landbou en plaasafval aanwesig mag wees, wegdoen nie, tensy in besit van 'n afvalbestuurmagtiging wat sodanige wegdoening ingevolge wetlike bepalinge magtig.
- (3) Die algemene landbou en plaasafval gegenerer op 'n landbou eenheid, waarmee 'n eienaar of okkupeerder van plaasgrond wegdoen, mag nie die volume sodanige afval wat ingevolge wetlike bepalinge vir wegdoening toegelaat word oorskry nie, tensy die eienaar of okkupeerder van die landbougrond deur 'n geldige afvalbestuurmagtiging daartoe gemagtig word.
- (4) n Gemagtigde beampte van die Munisipaliteit mag 'n eienaar of okkupeerder van landbougrond versoek om bewys te lewer van die magtiging, waarna in subartikels 29(2) en 29(3) van hierdie verordening verwys word.
- (5) 'n Eienaar of okkupeerder van landbougrond mag skriftelik aansoek doen om van die Munisipaliteit se afvalhantering- en afvalstortingfasiliteite gebruik te maak, welke goedkeuring aan die applikant teen betaling van die voorgeskrewe fooie en tariewe, toegang sal bied tot die Munisipaliteit se fasiliteite vir die wegdoening van afval, met uitgesluiting van die wegdoening van gevaarlike afval en gesondheidsorgafval, en afval wat by spesiaal gemagtigde afvalterreine gestort moet word.

### **HOOFSTUK 5 VERVOER EN WEGDOENING VAN AFVAL**

#### **Deel 1 - Vervoer van Afval**

#### **30. VEILIGHEIDDOORWEGINGS VIR DIE TRANSPORT VAN AFVAL**

Geen persoon mag -

- (a) 'n voertuig vir die vervoer van afval op 'n openbare pad gebruik, tensy die bakwerk van die voertuig wat gebruik word, in terme van grootte en ontwerp voldoende is vir die tipe afval wat vervoer moet word; en
- (b) versuim om 'n voertuig wat vir die vervoer van afval gebruik word, sodanig in stand te hou, dat dit ten alle tye in 'n skoon, higiëniese en padwaardige toestand is.

### **31. MORS EN STORTING DEUR VOERTUIG**

'n Persoon wat afval deur die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit vervoer, moet verseker dat –

- (a) alle afval op 'n oop voertuig bedek is met 'n seil of geskikte net; en
- (b) geen afval gemors of gestort word, of lek of afval van 'n voertuig, wat dit op 'n openbare pad vervoer nie.

### **32. NAKOMING VAN WETLIKE BEPALINGS**

'n Persoon wat afval vervoer of spesifiek gevaarlike afval vervoer, moet verseker dat alle relevante wetlike bepalings vir die vervoer van afval en gevaarlike afval nagekom word.

## **Deel 2 - Wegdoening met Afval**

### **33. TOEGELATE GEBRUIK**

Die Munisipaliteit mag voorskryf watter tipes afval by 'n spesifieke afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit mee weggedoen mag word, soos ooreenkomstig die voorskrifte van die magtiging van elke fasiliteit toegelaat word.

### **34. VOLDOENING AAN DIE VOORWAARDES VIR MAGTIGINGS**

- (1) Geen persoon mag afval wegdoen by 'n afvalstortingfasiliteit, wat nie vir die ontvangs van sodanige afval in terme van 'n magtiging gemagtig word nie.
- (2) Enige persoon wat enige magtigingvoorwaarde van 'n afvalstortingsterrein oortree, sal aanspreeklik gehou word vir alle redelike koste deur die Munisipaliteit aangegaan om die afval waarmee onregmatig weggedoen is, te verwyder.

### **35. VERBODE GEDRAG BY FASILITEITE**

- (1) Geen persoon mag 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit betree, vir enige ander rede as die wegdoening van afval, en slegs op tye soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal.



- (2) Enige persoon wat 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit vir die wegdoening van afval betree, moet –
- (a) die fasiliteit ingaan en uitgaan by die aangewese in- en uitgange;
  - (b) alle besonderhede aangaande die bron en samestelling van die afval waarmee weggedoen word aan die Munisipaliteit verskaf, met dien verstande dat die Munisipaliteit die reg sal hê om sodanige afval voor die wegdoening daarvan te inspekteer;
  - (c) alle instruksies van gemagtigde beamptes aangaande die gebruik van afvalhantering- of afvalstortingfasiliteite gehoorsaam;
  - (d) slegs afval op die plekke daarvoor geïdentifiseer of deur 'n gemagtigde beampte uitgewys, stort, en
  - (e) soos van toepassing, die voorgeskrewe gebruikertariewe vir afvalhantering- of afvalstortingfasiliteite betaal.
- (3) Geen persoon mag enige alkoholiese drank of narkotiese substansies in enige afvalhantering- of afvalstortingfasiliteite van die Munisipaliteit inbring nie.
- (4) Geen persoon mag met afval wegdoen of afval buite 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteite stort nie.

### **36. AANVAARDING VAN DIE AFVAL VAN ANDER**

- (1) Die Munisipaliteit kan 'n aansoek van 'n ander munisipaliteit om afval weg te doen by 'n spesifieke afvalstortingfasiliteit van die Munisipaliteit oorweeg, met dien verstande dat die aanvaarding van afval vanaf 'n ander munisipaliteit geen uitwerking sal hê op die Munisipaliteit se outoriteit en eienaarskap van sodanige afvalstortingfasiliteit nie, en dat wegdoening teen betaling van die toepaslike fooie en tariewe sal geskied.
- (2) Die Munisipaliteit mag 'n persoon toelaat om afval by 'n afvalstortingfasiliteit te stort, wat buite die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit gegenerer word, met dien verstande dat sodanige persoon aan alle wetlike bepalings moet voldoen en dat wegdoening teen betaling van die toepaslike fooie en tariewe sal geskied.

## **HOOFSTUK 6 ROMMELSTROOING EN -STORTING**

### **37. VOORSIENING VAN AFVALHOUERS**

- (1) Die Munisipaliteit moet redelike stappe neem om te verseker, dat 'n genoegsame aantal goedgekeurde afvalhouers vir die weggooi van rommel voorsien en instand gehou word op of by munisipale persele, openbare paaie en openbare plekke, waartoe die publiek toegang het.

- (2) Die eienaar of okkupeerder van private eiendomme waartoe die publiek toegang het, moet verseker dat genoegsame goedgekeurde afvalhouers op die betrokke persele voorsien en instand gehou word vir die weggooi van rommel deur die publiek.

### **38. ROMMELSTROOIING EN –STORTING**

- (1) Geen persoon mag enige rommel of afval in of op enige openbare plek, openbare pad, in munisipale rioolstelsels, stormwaterstelsels, onbeboude persele, waterlope, waterstrome, of enige ander plekke nie gemagtig vir die wegdoening van afval nie, laat val, gooi, plaas, mors, stort of op enige ander manier daarvan ontslae raak, of enige persoon onder sy of haar beheer toelaat om dit te doen nie
- (2) 'n Gemagtigde beampte mag teen enige persoon optree, wat hom of haar skuldig maak aan rommelstrooiing en –storting, of die oortreding van die bepalings van subartikel 38(1) van hierdie verordening, deur 'n geskrewe kennisgewing uit te reik, wat sodanige persoon beveel om –
- (a) die oortreding binne 'n bepaalde tyd te stop;
  - (b) om hom of haar te weerhou van 'n herhaling van die oortreding of 'n verdere oortreding te voorkom; en
  - (c) enige maatreëls te implementeer om die afval te verwyder of skoon te maak en die geaffekteerde omgewing binne 'n bepaalde tyd te rehabiliteer.
- (3) Indien die Munisipaliteit dit nodig ag om afval of rommel vanaf enige perseel te verwyder, sal die eienaar, okkupeerder of persoon wat beheer uitoefen oor die perseel aanspreeklik gehou word vir die koste van die Munisipaliteit se verwydering van die afval of rommel.
- (4) In die geval van rommelstorting van gevaarlike afval, sal sodanige afval onmiddellik deur die Munisipaliteit verwyder word, en die nodige kennisgewings sal aan die persoon aanspreeklik uitgereik word vir die verwyderingskoste en die rehabilitasie van die omgewing.

### **39. BRAND VAN AFVAL**

Die verbranding van enige afval is verbode, tensy die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit daarvoor verkry word.

### **40. VERLATE VOORWERPE EN GOEDERE**

'n Persoon wat enige artikel of goedere agterlaat, is aanspreeklik vir enige skade wat sodanige artikel of goedere mag veroorsaak of veroorsaak het, sowel as die koste vir die verwydering van sodanige artikel of goedere, nieteenstaande die feit dat sodanige persoon moontlik nie meer die eienaar daarvan mag wees nie.

## **HOOFSTUK 7 EKSTERNE DIENSVERSKAFFERS**

### **Deel 1 – Gemagtigde Diensverskaffers van Kommersiële Afvalbestuursdienste**

#### **41. AANSOEKE VIR MAGTIGINGS**

- (1) Geen persoon mag kommersiële afvalbestuursdienste vir die verwydering, vervoer en wegdoening van enige soort afval, uitgesluit tuinafval, in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit voorsien, tensy sodanige persoon by die Munisipaliteit geregistreer het en 'n magtiging vir die lewering van sodanige afvalbestuuraktiwiteite binne die munisipale gebied bekom het nie.
- (2) 'n Aansoek vir 'n magtiging moet skriftelik ingedien word in 'n formaat soos deur die Munisipaliteit voorgeskryf, en met insluiting van die voorgeskrewe gelde en sodanige addisionele inligting as wat die Munisipaliteit mag benodig, met dien verstande dat die goedkeuring vir die verwydering, vervoer en wegdoening van afval eers vanaf die Munisipaliteit verkry moet word, alvorens die betrokke dienste 'n aanvang kan neem.
- (3) Enige persoon wat reeds sodanige kommersiële afvalbestuursdienste lewer soos voorsien in subartikel 41(1) van hierdie verordening, ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie verordening, moet binne negentig (90) dae vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie verordening, 'n aansoek vir 'n magtiging soos beoog in subartikel 41(1) van hierdie verordening indien, en by versuim sal sodanige persoon nie meer afvalverwydering en afvalvervoerdienste in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit mag lewer nie.
- (4) Die Munisipaliteit sal die aansoek ingedien in gevolge subartikel 41(3) van hierdie verordening oorweeg, en of toestaan of afkeur, en skriftelike redes verskaf indien die aansoek afgekeur word.

#### **42. TERME EN VOORWAARDES VAN MAGTIGINGS**

- (1) 'n Magtiging sal –
  - (a) die magtighouer duidelik identifiseer;
  - (b) die geldigheidsperiode van die magtiging spesifiseer;
  - (c) die kategorieë van afval wat die diensverskaffer mag verwyder, mag vervoer en mee mag wegdoen, bepaal;
  - (d) die inligting wat bygehou moet word en die indieningsvereistes daarvan deur die Munisipaliteit vir sy eie geïntegreerde afvalbestuursplan en SAAIS, aandui; en
  - (e) met ander prosedurele aangeleenthede handel.
- (2) 'n Magtiging vir die verwydering, vervoer en wegdoening van afval –
  - (a) mag nie gesedeer of oorgedra word, sonder die vooraf skriftelike instemming van die Munisipaliteit nie;

(b) is geldig vir een (1) jaar vanaf die datum van uitreiking; en

(c) is slegs geldig vir die kategorieë afval daarin gespesifiseer.

(3) 'n Gemagtigde diensverskaffer moet -

(a) die voertuie wat deur die diensverskaffer gebruik gaan word vir die verwydering, vervoer en wegdoening van afval, duidelik identifiseer deur identifikasiemerke daarop aan te bring en identifikasieskyfies op die voorste windskeerm van voertuie te vertoon;

(b) deurlopend bewys kan lewer van die aard en omvang van die magtiging toegestaan vir die verwydering, vervoer en wegdoening van afval;

(c) volledige inligting en data oor die diens waarvoor magtiging toegestaan is verskaf, indien die inligting versoek word deur 'n gemagtigde beampte; en

(d) volle verantwoordelikheid neem vir enige en alle optredes en versuime van sy of haar werknemers, indien sodanige optredes en versuim 'n oortreding van die magtigingsvoorwaardes behels of 'n nadelige uitwerking op menslike gesondheid of die omgewing tot gevolg mag hê.

#### **43. HERNUWING VAN MAGTIGINGS**

(1) 'n Hernuwingsaansoek vir 'n magtiging, moet minstens sestig (60) dae voor die datum van verstryking van 'n huidige magtiging ingedien word en sal deur die Munisipaliteit oorweeg, en of toegestaan of afgewys word, en indien 'n aansoek afgewys word moet skriftelike redes vir die afwysing van die aansoek vir hernuwing deur die Munisipaliteit verskaf word.

(2) Nieteenstaande enige iets tot die teendeel in hierdie verordeninge, mag 'n magtiging tydelik vir 'n spesifieke tydperk verleng word deur die Munisipaliteit, indien grondige redes daarvoor bestaan.

#### **44. OPSKORTING EN HERROEPING VAN MAGTIGINGS**

(1) Die Munisipaliteit mag 'n magtiging opskort of herroep, indien 'n diensverskaffer versuim om aan enige magtigingsvoorwaardes of enige ander bepaling van hierdie verordening of enige wetlike bepaling te voldoen, wat die verwydering, vervoer en wegdoening van afval reguleer of enige ander gronde wat as genoegsame rede geag word.

(2) Die Munisipaliteit moet 'n diensverskaffer skriftelik kennis met redes gee, van die beoogde opskorting of herroeping van 'n magtiging.

#### **45. VRYSTELLINGS**

Die Munisipaliteit mag 'n diensverskaffer van 'n kommersiële afvalbestuursdiens van enige of al die bepalings van hierdie verordening vrystel.

#### **46. VERANTWOORDELIKHEDE VAN EINDVERBRUIKER**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel of die houer van afval, wat met 'n gemagtigde diensverskaffer kontrakteer, moet verseker dat –

- (a) die diensverskaffer oor die nodige magtiging beskik om die kategorieë van afval waarvoor hy of sy gekontrakteer word, te verwyder, te vervoer en mee weg te doen; en
- (b) totdat die diensverskaffer die afval vanaf die perseel waarop dit gegenerer word verwyder, dat die betrokke afval in 'n goedgekeurde afvalhouer geberg word en geen oorlas, insluitende maar nie beperk tot, stof en reuke in die proses van generering, berging of verwydering veroorsaak nie.

### **Deel 2 - Munisipale Diensverskaffers**

#### **47. KONTRAKTERING VAN DIENSTE**

Die Munisipaliteit mag publieke of private eksterne diensverskaffers vir die lewering van munisipale afvaldienste en aktiwiteite kontrakteer, mits dit in ooreenstemming met statutêre bepalinge gedoen word.

#### **48. VERBRUIKERSHANDVES**

Indien 'n diensverskaffer soos beoog in artikel 47 van die verordening, deur die Munisipaliteit aangestel word om 'n diens te lewer aan 'n groot geografiese gebied of 'n aansienlike gedeelte van die bevolking van die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit, sal daar van die diensverskaffer verlang word om in konsultasie met die gemeenskap, 'n verbruikershandves saam te stel en te aanvaar.

### **HOOFSTUK 8 EIENAARSKAP EN DIE REG VAN TOEGANG**

#### **49. EIENAARSKAP VAN AFVAL**

- (1) Die persoon wat die magtiging het om 'n afvalhantering- of afvalstortingfasiliteit te bedryf word die eienaar van alle afval, sodra daarmee weggedoen word by die betrokke fasiliteit.
- (2) 'n Persoon wat huishoudelike of besigheid afval genereer, is die eienaar en houer van sodanige afval, totdat dit deur die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer verwyder word, waarna die Munisipaliteit of die diensverskaffer die eienaar daarvan word.

## **50. TOEGANG TOT PERSELE**

- (1) Indien die uitleg van 'n perseel die Munisipaliteit verhinder om vullis te verwyder of te hanteer, of moontlik kan lei tot die beskadiging van private of munisipale eiendom of die besering van werknemers, mag die Munisipaliteit van die eienaar of okkupeerder van die betrokke perseel verlang, om op eie koste sodanige veranderinge as nodig aan te bring en om enige hindernisse te verwyder, om sodoende vrye toegang tot die perseel te verseker.
- (2) Indien die eienaar of die okkupeerder van 'n perseel soos na verwys in subartikel 50(1) van hierdie verordening, versuim of weier om aan die Munisipaliteit se versoek gehoor te gee, sal die Munisipaliteit die afvalverwyderingsdiens aan die perseel opskort en van die eienaar of okkupeerder verlang om die Munisipaliteit skriftelike vrywaring te gee van enige eise wat mag voortspruit uit skade of beserings wat uit die omstandighede mag ontstaan, alvorens die Munisipaliteit die diens hervat.

## **HOOFSTUK 9 ALGEMENE BEPALINGS**

### **51. NAKOMING VAN VERORDENING EN ANDER WETTE**

- (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel is verantwoordelik om nakoming van hierdie verordening te verseker, ten opsigte van alle en elkeen van die verordening se bepalings.
- (2) Enige persoon of entiteit wat 'n magtiging wat met afval verband hou, in terme van statutêre bepalinge moet bekom, sal op versoek van 'n gemagtigde beampte om bewys te lewer dat sodanige magtiging wel verkry is, die verlangde bewys binne dertig (30) dae by die Munisipaliteit indien, of sodanige langer tydperk as wat 'n gemagtigde beampte bepaal.

### **52. MAGTIGING VAN BEAMPTES**

Die Munisipaliteit of 'n gemagtigde diensverskaffer, soos beoog ingevolge artikel 47 van hierdie verordening, mag enige persoon in hul diens aanwys om as 'n gemagtigde beampte op te tree.

### **53. FUNKSIES EN MAGTE VAN 'N GEMAGTIGDE BEAMPTE**

'n Gemagtigde beampte het die funksies en magte, soos deur die Munisipaliteit of 'n gemagtigde diensverskaffer, soos beoog ingevolge artikel 47 van hierdie verordening, aan die persoon toegeken.

### **54. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE**

- (1) 'n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien 'n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.

- (2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees –
- (a) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;
  - (b) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
  - (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en 'n erkenning van die versending verskaf word;
  - (d) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so 'n manier, soos in subartikels 54(1)(a), 54(1)(b) of 54(1)(c) van hierdie verordening bepaal;
  - (e) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het; of
  - (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer word.
- (3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan 'n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.
- (4) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmede vereis moet behoortlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

## 55. APPÈLLE

'n Persoon wie verontreg voel oor 'n besluit geneem deur die Munisipaliteit, ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, teen sodanige besluit appèlleer deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl, en redes vir die appèl te verstrek.

## 56. STRAFBEPALINGS

'n Persoon wat –

- (a) in gebreke bly om te voldoen aan 'n gemagtigde beampte se instruksies uitgereik ingevolge hierdie verordening;

- (b) in gebreke bly om te voldoen aan enige kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening;
- (c) enige bepaling van hierdie verordening oortree;
- (d) enige instruksie aangebring op 'n kennisgewingbord verontagsaam, of
- (e) opsetlik 'n gemagtigde beampte in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening verhinder,

is skuldig aan 'n oortreding en mag by skuldigbevinding -

- (i) 'n boete of gevangenisstraf, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, opgelê word;
- (ii) in geval van 'n voortdurende oortreding, 'n bykomende boete of bykomende termyn gevangenisstraf of tot sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot beide sodanige boete en gevangenisstraf, vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, opgelê word; en
- (iii) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige koste en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangegaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

## 57. TOEPASSING VAN VERORDENING

Hierdie verordening is van toepassing op alle persone of instellings, insluitende staatsinstellings, geleë binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

## 58. HERROEPING VAN VERORDENINGE

- (1) Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hierby herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.
- (2) Die volgende verordeninge van die Munisipaliteit van Theewaterskloof word hiermee spesifiek herroep -

Naam van Verordening	Datum gepubliseer	In die geheel of gedeeltelik
Verordening insake die beheer oor Stortingsterreine.	PK 6234 gedateer 8 Maart 2005.	In die geheel.
Verordening insake vullisverwydering.	PK 6234 gedateer 8 Maart 2005.	In die geheel.

## 59. KORT TITEL

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake Afvalbestuur van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.



## **60. JURISDIKSIE VAN LANDDROSHOF**

Ondanks enige ander bepaling wat in enige wet met betrekking tot 'n landdroshof vervat is, het 'n landdros jurisdiksie om by aansoek deur die Munisipaliteit, 'n bevel vir die toepassing van enige van die bepalings van hierdie verordening, of oor enige goedkeuring, weiering of voorwaardelike goedkeuring wat ingevolge hierdie verordening verleen of van toepassing is, uit te reik.

## **61. INWERKINGTREDING**

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.

## THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

### AERODROMES BY-LAW

Under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the Municipal Council of the Theewaterskloof Municipality, enacts as follows:

#### PREAMBLE

The purpose of this by-law is to provide for the control of all municipal aerodromes, within the area of jurisdiction of the Theewaterskloof Municipality.

#### TABLE OF CONTENTS

1. Interpretation
2. Application of the by-law
3. Agreements
4. Hours of use
5. Safety measures
6. Fees and tariffs
7. Access to an airstrip
8. The regulation and prohibition of vehicular traffic and persons
9. General conduct of persons
10. Removal of damaged or disabled aircraft
11. Supply of fuel to aircraft
12. Unlawful boarding or tampering with aircraft
13. Use of buildings and hangars
14. Appeals
15. Offences and penalties
16. Serving of notices and other documents
17. Conflict between legislation
18. Repeal of by-laws
19. Short title
20. Operative date

#### 1. INTERPRETATION

In this by-law, the English text prevail in the event of any conflict with the Afrikaans text, and unless the context indicates otherwise —

“**Act**”, means the Civil Aviation Act, 2009 (Act No 13 of 2009), as amended, and the regulations promulgated in terms thereof;

“**airstrip**”, means an area containing all the runways and other prepared carriage-ways for the passage of aircraft on the ground, the parking aprons for aircraft and all the land surrounding such areas;

**“authorized official”**, means the person for the time being in charge of the aerodrome, and duly authorized by the Theewaterskloof Municipality to enforce the provisions of this by-law;

**“aerodrome”**, has the meaning assigned to in the Civil Aviation Act, 2009 (Act 13 of 2009);

**“carriage-way”**, means a defined surface on an aerodrome for the use of aircraft to move from one point to another;

**“Municipality”**, means the Theewaterskloof Municipality, and includes reference to any duly delegated and / or appointed officials and / or service providers in terms of service level agreements of the Theewaterskloof Municipality;

**“operators agreement”**, an agreement entered into with any person or party or association or entity, which utilize the facilities of an aerodrome;

**“public enclosures”**, means demarcated areas set aside from time to time by the Municipality within the aerodrome, for the parking of vehicles and for use by members of the public, who is not passengers;

**“regulations”**, means the Civil Aviation Regulations, 2012, published under Government Notice R. 425 of 1 June 2012, as amended from time to time, or any other relevant regulations; and

**“runway”**, means a defined area prepared or constructed for the landing and take-off of aircraft;

## **2. APPLICATION OF THE BY-LAW**

- (1) The application of this by-law is subject to the Civil Aviation Act, 2009 (Act No 13 of 2009), as amended; the regulations promulgated in terms of the said act, and the content of any agreement entered into between the Municipality and any holder of an operator's licence.
- (2) Nothing in the provisions of this by-law shall be taken as purporting to contradict or derogate from the control of an aerodrome in accordance with the Civil Aviation Act, 2009 (Act No 13 of 2009), as amended, or the regulations promulgated in terms of the act, or any operators agreement.

## **3. AGREEMENTS**

The Municipality may enter into a written agreement with any operator or person or other party, regarding the use of any aerodrome under the control of the Municipality or an aerodrome which is the property of the Municipality.

#### **4. HOURS OF USE**

The Municipality may determine the hours during which the aerodrome may be used for the landing and departure of aircraft.

#### **5. SAFETY MEASURES**

The pilot or person in charge of an aircraft shall ensure that adequate precautions have been taken to keep unauthorised persons at a safe distance from an aircraft, before any of the engines of such aircraft is started or while any engine is running.

#### **6. FEES AND TARIFFS**

Subject to any agreement referred to in section 3 of this by-law, the Municipality may determine and levy fees and tariffs for the use of an aerodrome under the control of the Municipality or an aerodrome which is the property of the Municipality.

#### **7. ACCESS TO AN AIRSTRIP**

No person may enter, cross or be on the airstrip of an aerodrome except for -

- (a) the pilots and crew of aircraft based at or using the aerodrome, in the execution of their duties with regard to an aircraft;
- (b) the technical, mechanical and maintenance personnel servicing, repairing or refuelling aircraft, or in the execution of other duties with regard to an aircraft;
- (c) pupil pilots for purpose of instruction or training;
- (d) ground staff of the aerodrome on duty, and other authorized aerodrome officials;
- (e) aircraft passengers embarking or disembarking from an aircraft, under supervision of authorized aerodrome officials and / or the pilot of an aircraft; and
- (f) any other person specifically authorized.

## **8. THE REGULATION AND PROHIBITION OF VEHICULAR TRAFFIC AND PERSONS**

- (1) Motor cars and other vehicles, except when otherwise authorized, may only be parked in areas designated by a notice board for parking, and within demarcated places or areas or in public enclosures.
- (2) An authorized official may at any time without prior notice, permanently or temporarily, prohibit or restrict in any manner deemed necessary, the admission of persons or vehicles to an aerodrome or to any public enclosure or any specific part thereof or any runway or carriage-way.
- (3) An authorized official may, when it is deemed necessary, instruct a person in charge of a vehicle which is parked on an aerodrome, to move the vehicle concerned to another area on the aerodrome or remove the vehicle concerned from the aerodrome, and by failure of the person concerned to move or remove a vehicle, an authorized official may move or remove the vehicle concerned or request a member of the South African Police Services to move or remove such vehicle.
- (4) Motor vehicles may not be driven on the carriage-ways and runways of an aerodrome, without special permission from an authorized official.
- (5) Pedestrians and persons in vehicles at an aerodrome, are subject to the supervision of an authorized official, and shall obey in the interest of safety and the management of an aerodrome, any instruction of an authorized official with regard to their movements to and from public enclosures, and access to areas on the aerodrome.
- (6) No person under the age of eighteen years, not being an authorized passenger in an aircraft, may enter the aerodrome, unless accompanied by an adult person.
- (7) An authorized official has the right to remove from the aerodrome any unaccompanied person under the age of eighteen years, not being an authorized passenger or any other person whose conduct is prejudicial to the safety and management of the aerodrome.

## **9. GENERAL CONDUCT OF PERSONS**

- (1) No person may without the prior written consent of the Municipality, within the perimeter of an aerodrome or part thereof –
  - (a) affix or display any placard or sign or advertisement or notice;
  - (b) climb in or on any tree, building or other structure;
  - (c) destroy, cut, remove or vandalize any tree, scrub or plant, or pick any flower;

- (d) light a fire or in any manner cause a fire to be lit, or bring an open flame into or smoke in –
    - (i) any area where such an act is prohibited explicitly by a displayed notice; or
    - (ii) any area within six (6) meters of an aircraft or of any vehicle used for the supply of fuel to an aircraft or a store where fuel or combustible material are stored;
  - (e) tamper or interfere with any fire extinguisher, fire hose, fire hose reel, fire hydrant or any other item or equipment provided solely for fire-fighting purposes, or interfere in the event of a fire or a hazardous incident with any rescue or fire-fighting operation;
  - (f) discharge any firearm or airgun or set off any fireworks or use a catapult or throw any stone or other object;
  - (g) distribute any pamphlet, book, handbill or other printed material or other article;
  - (h) enter any public convenience marked as being reserved for persons of the opposite sex;
  - (i) enter any building or place or area, disregarding a notice prohibiting such entry;
  - (j) cause any obstruction, disturbance, nuisance or commit any act causing annoyance to other persons;
  - (k) enter or leave the aerodrome except by means of the marked entrances or exits; and
  - (l) sell any refreshments or other commodities.
- (2) No wheel chock, drum, loading step, trestle or other equipment or object capable of causing an obstruction or an accident or damage, may be left on the air strip of an aerodrome, except when the involved equipment are required for immediate use.

#### **10. REMOVAL OF DAMAGED OR DISABLED AIRCRAFT**

- (1) The owner or the agent of the owner or the pilot or the person in charge of any damage or disabled aircraft, shall when directed to do so by an authorized official, move or remove such aircraft or any part thereof or any cargo on such aircraft, to a designated area on the aerodrome or from the aerodrome as such.

- (2) When the owner or the agent of the owner or the pilot or the person in charge of a damaged or disabled aircraft, refuses to or fails to or is not present to comply forthwith with any instruction given by an authorized official in terms of subsection 10(1) of this by-law, the Municipality may implement any steps necessary to ensure that such instruction for the moving or removal of a damaged or disabled aircraft or its cargo, is complied with as expeditiously as possible.
- (3) The Municipality may recover from the owner of a damaged or disabled aircraft, the cost incurred for the removal or moving of such an aircraft or any part thereof or the cargo thereof, and any such actions undertaken by the Municipality, does not exempt the person refusing or failing to obey the instruction issued in terms of subsection 10(1) of this by-law, from prosecution in respect of such refusal or failure.

## **11. SUPPLY OF FUEL TO AIRCRAFT**

- (1) No person may on an aerodrome supply fuel to any aircraft except at a place and in a manner approved by an authorized official.
- (2) An authorized official may with regard to the supply of fuel to aircraft and the storage of fuel and combustible materials at an aerodrome, impose any conditions for purpose of safeguarding persons and property on an aerodrome.
- (3) The supply and storage of fuel and other combustible material on an aerodrome, are notwithstanding the approvals and conditions imposed by an authorized official, subject to the provisions of the Community Fire Safety By-law of the Theewaterskloof Municipality and other statutory stipulations.

## **12. UNLAWFUL BOARDING OR TAMPERING WITH AIRCRAFT**

No person may unlawful board an aircraft, or tamper or interfere with an aircraft or any aviation equipment used for an aircraft, except with the explicit permission of the owner or person in charge of such an aircraft.

## **13. USE OF BUILDINGS AND HANGARS**

Subject to any agreements entered into in terms of section 3 of this by-law, the buildings, hangars and other facilities on an aerodrome shall be under the control of the Municipality and the use thereof shall be subject to such conditions as may be imposed by the Municipality.

#### **14. APPEALS**

A person whose rights are affected by a decision of the Municipality in terms of any delegated powers, may appeal against such a decision in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000), as amended, by giving written notice of the appeal against the decision and the reasons for the appeal to the Municipal Manager, within twenty one (21) days of the date of the notification of the decision.

#### **15. OFFENCES AND PENALTIES**

Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this by-law, or fails to comply with a notice served in terms of this by-law, or fails to comply to an instruction of an authorized official or posted on a notice board, or interferes with an authorized official in the execution in his or her duties, is guilty of an offence and is liable on conviction, for -

- (a) a fine or imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment;
- (b) in the case of a successive or continuing offence, to an additional fine or additional period of imprisonment, or such additional imprisonment without the option of a fine, or to both such additional fine and such additional imprisonment, for every day such offence continues; and
- (c) any further amount as an order of court for costs, equal to any costs and / or expenses, deemed by the Court, to have been incurred by the Municipality as a result of such contraventions.

#### **16. SERVING OF NOTICES AN OTHER DOCUMENTS**

- (1) A notice, instruction, letter of demand, or other document issued by the Municipality in terms of this by- law, is deemed to be duly issued, when a duly delegated official of the Municipality has signed it.
- (2) Any notice, instruction, letter of demand, or other document that is served on a person in terms of this by-law, is regarded as having been duly and effectively served –
  - (a) when it has been delivered to that person personally;
  - (b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic of South Africa, with a person apparently older than sixteen years;



- (c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic of South Africa, and proof of the posting thereof is provided;
  - (d) if that person's address in the Republic of South Africa is unknown, when it has been served on that person's agent or representative in the Republic of South Africa, in a manner as provided in subsections 16(2)(a), 16(2)(b) or 16(2)(c) of this by-law;
  - (e) if that person's address and agent or representative in the country of South Africa is unknown, when it has been posted in a conspicuous place on the property or premises to which it relates; or
  - (f) in the event of a body corporate, when it has been delivered at the registered office of the business premises of the body corporate.
- (3) When any notice, instruction, letter of demand, or other document is served on a person in terms of this by-law, it is sufficient for purpose of the serving of the notice, instruction, letter of demand, or other document, to describe the person in the notice, instruction, letter of demand or other document, as the owner, occupant, or holder of the property or rights in question, and it is not a requirement to name that person.
- (4) A notice, instruction, letter of demand, or other document shall for purpose of authentication, be properly signed by the Municipality.

## **17. CONFLICT BETWEEN LEGISLATION**

When any stipulation of this by-law, is in conflict with national and provincial legislation or regulations, the national and provincial legislation or regulations or standards shall prevail.

## **18. REPEAL OF BY-LAWS**

The provisions of any by-laws previously promulgated by the Municipality, or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the Municipality, are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law.

## **19. SHORT TITLE**

This by-law shall be called the Aerodromes By-law of the Theewaterskloof Municipality.

## **20. OPERATIVE DATE**

This by-law shall take effect on the date of publication.

## MUNISIPALITEIT VAN THEEWATERSKLOOF

### VERORDENING INSAKE Vliegvelde

**Kragtens artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996  
verorden die Munisipale Raad van die Munisipaliteit van Theewaterskloof  
hiermee soos volg:**

#### AANHEF

Die doel van hierdie verordening is om in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit Theewaterskloof, oor vliegvelde beheer uit te oefen.

#### INHOUDSOPGAWE

1. Interpretasie
2. Toepassing van die verordening
3. Ooreenkomste
4. Ure van gebruik
5. Veiligheidsmaatreëls
6. Fooie en tariewe
7. Toegang tot 'n landingstrook
8. Regulasies en 'n verbod op voertuigverkeer en persone
9. Algemene gedrag van persone
10. Verwydering van beskadigde of onklaar vliegtuie
11. Verskaffing van brandstof aan vliegtuie
12. Ongemagtigde toegang tot of peustering met vliegtuie
13. Gebruik van geboue en vliegtuigloodse
14. Appèlle
15. Strafbepalings
16. Bediening van kennisgewings en ander dokumente
17. Teenstrydighede met ander wetgewing
18. Herroeping van verordeninge
19. Kort titel
20. Inwerkingtreding

#### **1. INTERPRETASIE**

In hierdie verordening, geld die Engelse teks in die geval van enige teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

**“aanloopbaan”** 'n gedefinieerde area, wat vir die landing of opstyg van vliegtuie voorberei of gekonstrueer word;

**“afgeslote publieke areas”**, afgebakende areas binne die vliegveld, soos afgebaken deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof, waartoe lede van die publiek wat nie passasiers is nie, toegang het vir parkering of ander gebruik;

**“gemagtigde beampte”**, ‘n beampte vir die oomblik in beheer van die lughawe, en behoorlik gemagtig deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof om die bepalings van hierdie verordening af te dwing;

**“landingstrook”**, is ‘n area bestaande uit al die aanloopbane en ander voorbereide ryweë vir die beweging van vliegtuie op die grond, die parkeeroppervlaktes vir vliegtuie en die grond aanliggend daartoe;

**“Munisipaliteit”**, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringsooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

**“ooreenkoms met operateurs”**, ‘n ooreenkoms aangegaan met enige persoon of party of assosiasie of entiteit, wat die fasiliteite van ‘n vliegveld benut;

**“regulasies”**, die Burgerlike Lugvaart Regulasies, 2012, soos gepubliseer ingevolge Regeringskennisgewing R. 425 van 1 Junie 2012, soos van tyd tot tyd gewysig, en ander relevante regulasies;

**“ryweg”**, ‘n gedefinieerde area op ‘n vliegveld, wat gebruik word deur vliegtuie om van een punt na ‘n ander te beweeg;

**“vliegveld”**, het die betekenis daaraan toegeken ingevolge die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009 (Wet No 13 van 2009), soos gewysig; en

**“Wet”**, die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009 (Wet No 13 van 2009), soos gewysig, en die regulasies afgekondig in terme daarvan.

## 2. TOEPASSING VAN DIE VERORDENING

- (1) Die toepassing van hierdie verordening is onderhewig aan die bepalings van die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009 (Wet No 13 van 2009), soos gewysig, die regulasies gepromulgeer in terme van die betrokke wet, en die inhoudelike van enige ooreenkoms aangegaan tussen die Munisipaliteit en enige houër van ‘n operateurslisensie.
- (2) Geen bepaling in hierdie verordening moet geag word, as bedoel om enige bepaling van die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009 (Wet No 13 van 2009), soos gewysig, of die gepromulgeerde regulasie daarvan of enige operateursooreenkoms, met betrekking tot die beheer van ‘n vliegveld te weerspreek of te negeer nie.

### **3. OOREENKOMSTE**

Die Munisipaliteit mag geskrewe ooreenkomste met enige operateur of persoon of ander party vir die gebruik van enige vliegveld onder beheer van, of wat die eiendom van die Munisipaliteit is, aangaan.

### **4. URE VAN GEBRUIK**

Die Munisipaliteit mag die ure wanneer 'n vliegveld gebruik mag word vir die opstygung en landing van vliegtuie, bepaal.

### **5. VEILIGHEIDSMATREËLS**

Die vlieënier of persoon in beheer van 'n vliegtuig, moet verseker dat genoegsame voorsorgmaatreëls getref word om ongemagtigde persone 'n veilige afstand van 'n vliegtuig te hou, alvorens enige vliegtuigmotore aangeskakel word of terwyl enige vliegtuigmotore van sodanige vliegtuig loop.

### **6. FOOIE EN TARIËWE**

Die Munisipaliteit mag onderworpe aan enige ooreenkoms aangegaan, soos voorsien in artikel 3 van hierdie verordening, fooie en tariewe vir die gebruik van 'n vliegveld onder die beheer van, of wat die eiendom van die Munisipaliteit is, bepaal en hef.

### **7. TOEGANG TOT 'N LANDINGSTROOK**

Geen persoon mag die landingstrook van 'n vliegveld betree, kruis of daarop gaan, behalwe -

- (a) die vlieënier en bemanning van 'n vliegtuig gebaseer by 'n vliegveld of wat daarvan gebruik maak, of in die uitvoering van hulle pligte met betrekking tot 'n vliegtuig;
- (b) die tegniese, meganiese en onderhoudspersoneel wat 'n vliegtuig diens, herstel of hervul met brandstof of in die uitvoering van hulle ander pligte met betrekking tot 'n vliegtuig;
- (c) leerling vlieëniers vir die doel van instruksie of opleiding;
- (d) die grondbemanning van 'n vliegveld wat aan diens is en ander gemagtigde vliegveldbeamptes;
- (e) die passasiers van 'n vliegtuig, wat aanboord gaan of afklim van 'n vliegtuig, wat onder toesig is van gemagtigde vliegveldbeamptes of die vlieënier van 'n vliegtuig; en
- (f) enige ander persoon spesifiek daartoe gemagtig.

## **8. REGULASIES EN 'N VERBOD OP VOERTUIGVERKEER EN PERSONE**

- (1) Motorvoertuie en ander voertuie mag slegs geparkeer word in areas daarvoor aangedui met 'n kennisgewingbord, of op afgebakende plekke en areas, of in afgeslote publieke areas, behalwe indien gemagtig om op 'n ander plek te parkeer.
- (2) 'n Gemagtigde beampte mag enige tyd sonder vooraf kennisgewing en op enige manier wat as wenslik beskou word, tydelik of permanent die toegang van persone en motorvoertuie tot 'n vliegveld, enige afgeslote publieke area of enige deel daarvan, of 'n aanloopbaan of 'n ryweg, verbied of beperk.
- (3) 'n Gemagtigde beampte mag 'n persoon in beheer van 'n voertuig wat op 'n vliegveld parkeer is, indien nodig opdrag gee om sodanige voertuig te verskuif na 'n ander area of om sodanige voertuig van 'n vliegveld te verwyder of te skuif na 'n ander area, en by versuim van die betrokke persoon om 'n voertuig te skuif of te verwyder, mag 'n gemagtigde beampte sodanige voertuig verskuif of verwyder of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens versoek om sodanige voertuig te verskuif of te verwyder.
- (4) Motorvoertuie mag nie op ryweë en aanloopbane van 'n vliegveld ry nie, behalwe met spesiale goedkeuring van 'n gemagtigde beampte.
- (5) Voetgangers en persone in voertuie by 'n vliegveld, is onderworpe aan die toesig van 'n gemagtigde beampte, en moet in die belang van veiligheid en die bestuur van 'n vliegveld, met betrekking tot hulle bewegings na en van afgeslote publieke areas en vir toegang tot areas op 'n vliegveld, enige instruksie van 'n gemagtigde beampte gehoorsaam.
- (6) Geen persoon onder die ouderdom van agtien jaar, wat nie 'n gemagtigde passasier op 'n vliegtuig is nie, mag 'n vliegveld betree sonder die toesig van 'n volwasse persoon.
- (7) 'n Gemagtigde beampte mag enige persoon jonger as agtien jaar, wat nie onder toesig van 'n volwassene is nie of nie 'n gemagtigde passasier van 'n vliegtuig is nie, of enige ander persoon wie se gedrag van sodanige aard is dat dit die veiligheid en bestuur van 'n vliegveld benadeel, van 'n vliegveld laat verwyder.

## **9. ALGEMENE GEDRAG VAN PERSONE**

- (1) Geen persoon mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, binne die grense van 'n vliegveld of enige deel daarvan –
  - (a) enige plakkaat of teken of advertensie of kennisgewing aanbring of vertoon nie;

- (b) in of op enige boom, gebou of ander struktuur klim nie;
  - (c) enige boom, struik of plant uithaal, vernietig, sny, verwyder of vandaliseer, of enige blom pluk nie;
  - (d) 'n vuur aansteek of op enige manier toelaat dat 'n vuur aangesteek word, of 'n oop vlam bring of rook in –
    - (i) enige area waar sodanige handeling uitdruklik deur kennisgewingborde verbied word; of
    - (ii) enige area binne ses (6) meter van 'n vliegtuig of 'n voertuig wat gebruik word om die brandstof van 'n vliegtuig aan te vul of 'n stoorplek van brandstof of ontplofbare materiaal;
  - (e) peuter of inmeng met enige brandblusser, brandslang, brandslangtol, brandkraan of enige ander item of toerusting uitsluitlik verskaf vir brandbestryding doeleindes, of in geval van 'n brand of 'n gevaarlike insident, inmeng met enige redding- of brandbestrydingoperasie;
  - (f) enige vuurwapen of luggeweer of vuurwerke afvuur, of 'n rekker gebruik of 'n klip of ander voorwerp gooi;
  - (g) enige pamflet, boek, strooibiljet of ander gedrukte materiaal of artikel versprei nie;
  - (h) enige publieke gerief wat gemerk en gereserveer is vir die teenoorgestelde geslag binnegaan;
  - (i) enige gebou of plek of area binnegaan, waar sodanige toegang deur 'n kennisgewing verbied word;
  - (j) enige obstruksie, stoornis, of oorlas veroorsaak, of enige handeling verrig wat 'n steurnis vir ander persone veroorsaak;
  - (k) enige ander ingang of uitgang vir 'n vliegveld gebruik, behalwe die ingange en uitgange as sodanig aangedui; en
  - (l) goedere of verversings verkoop nie.
- (2) Geen wielwig, drom, laaitrap, stut of enige ander toerusting of voorwerp wat 'n obstruksie of ongeluk of skade kan veroorsaak, mag op 'n landingstrook van 'n vliegveld gelaat word nie, behalwe waar sodanige toerusting benodig word vir onmiddellike gebruik.

## **10. VERWYDERING VAN BESKADIGDE OF ONKLAAR VLIEGTUIG**

- (1) Die eienaar of die agent van die eienaar of die vlieënier of die persoon in beheer van enige beskadigde of onklaar vliegtuig, moet indien so gelas deur 'n gemagtigde beampte, sodanige vliegtuig of enige vrag op die vliegtuig of

enige gedeelte daarvan verskuif na 'n aangewysde area op die vliegveld of dit in geheel van die vliegveld verwyder.

- (2) Indien die eienaar of die agent van die eienaar of die vlieënier of die persoon in beheer van enige beskadigde of onklaar vliegtuig, weier of versuim of nie beskikbaar is om onverwyld uitvoering te gee aan 'n opdrag deur 'n gemagtigde beampte, gegee in terme van subartikel 10(1) van hierdie verordening, mag die Munisipaliteit enige stappe soos nodig mag wees om uitvoering te kan gee aan die verskuiwing of die verwydering van enige beskadigde of onklaar vliegtuig of die vrag daarvan, implementeer.
- (3) Die Munisipaliteit mag die kostes aangegaan om 'n beskadigde of onklaar vliegtuig of enige vrag op 'n vliegtuig of enige deelte daarvan te verwyder of te verskuif, van die eienaar van sodanige vliegtuig verhaal, met dien verstande dat sodanige aksies nie die persoon wat weier of versuim om uitvoering te gee aan die instruksie soos voorsien in terme van subartikel 10(1) van hierdie verordening, van vervolging kwytsteld nie

## **11. VERSKAFFING VAN BRANDSTOF AAN VLIEGTUIE**

- (1) Geen persoon mag op 'n vliegveld brandstof aan 'n vliegtuig verskaf, behalwe op sodanige plek en op sodanige wyse as wat deur 'n gemagtigde beampte bepaal.
- (2) 'n Gemagtigde beampte mag met betrekking tot die verskaffing van brandstof aan vliegtuie en die stoor van brandstof en ander ontvlambare materiale op 'n vliegveld, enige voorwaardes vasstel waaraan voldoen moet word om persone en eiendom op 'n vliegveld te beveilig.
- (3) Die verskaffing en stoor van brandstof en ander ontvlambare materiale op 'n vliegveld, sal ongeag die voorwaardes opgelê en goedkeurings verleen deur 'n gemagtigde beampte, ook onderworpe wees aan die bepalings van die Verordening insake Gemeenskapsbrandveiligheid van die Munisipaliteit van Theewaterskloof en ander toepaslike statutêre bepalings.

## **12. ONGEMAGTIGDE TOEGANG TOT OF PEUTERING MET VLIEGTUIE**

Geen persoon mag ongemagtig aan boord van 'n vliegtuig gaan nie, of met 'n vliegtuig of aviasie toerusting peuter of inmeng nie, behalwe met die uitdruklike toestemming van die eienaar of persoon in beheer van 'n vliegtuig.

## **13. GEBRUIK VAN GEBOUE EN VLIEGTUIGLOODSE**

Onderhewig aan enige ooreenkomste aangegaan, soos voorsien in artikel 3 van hierdie verordening, is die geboue, vliegtuigloodse en ander fasiliteite op 'n vliegveld onder beheer van die Munisipaliteit, en sal die gebruik daarvan geskied onderhewig aan voorwaardes soos deur die Munisipaliteit bepaal.

**14. APPÈLLE**

'n Persoon wie verontreg voel oor 'n besluit geneem deur die Munisipaliteit ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, teen sodanige besluit appèlleer deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl, en redes vir die appèl te verstrek.

**15. STRAFBEPALINGS**

Enige persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n instruksie uitgereik deur 'n gemagtigde beampte ingevolge hierdie verordening, of 'n instruksie aangebring op 'n kennisgewingbord, of wat 'n gemagtigde beampte verhinder in die uitvoering van sy of haar pligte, begaan 'n misdryf en kan by skuldigbevinding -

- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, opgelê word;
- (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, opgelê word; en
- (c) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

**16. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE**

- (1) 'n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien 'n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.
- (2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees –
  - (a) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;



- (b) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
  - (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en 'n erkenning van die versending verskaf word;
  - (d) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so 'n manier, soos in subartikels 16(1)(a), 16(1)(b) of 16(1)(c) van hierdie verordening bepaal;
  - (e) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het; of
  - (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor van die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer word.
- (3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan 'n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houër van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.
- (4) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking vereis moet behoorlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

## **17. TEENSTRYDIGHEDE MET ANDER WETGEWING**

In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie verordening en nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies, sal sodanige nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies voorrang geniet.

## **18. HERROEPING VAN VERORDENINGE**

Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hierby herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

## **19. KORT TITEL**

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake Vliegvelde van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

## **20. INTERPRETASIE**

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.

## THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

### NATURE RESERVES BY-LAW

**Under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the Municipal Council of the Theewaterskloof Municipality, hereby enacts as follows:**

#### PREAMBLE

The purpose of the by-law is to -

- (i) promote nature and environmental conservation in the area of jurisdiction of the Theewaterskloof Municipality; and
- (ii) provide for procedures, rules and practices for the use and management of nature reserves.

#### TABLE OF CONTENTS

1. Interpretation
2. Applicable nature and environmental regulations
3. Fees and tariffs
4. Camping and picnicking
5. Prohibited behaviour
6. Authorized officials
7. Appeals
8. Exemption from stipulations
9. Offences and penalties
10. Conflict between legislation
11. Repeal of by-laws
12. Short title
13. Operative date

#### **1. INTERPRETATION**

In this by-law, the English text prevails in the event of any conflict with the Afrikaans text, and unless the context indicates otherwise –

**“authorized official”**, means an official appointed in terms of section 6 of this by-law;

**“Municipal Systems Act”**, the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 van 2000), as amended;

**“Municipality”**, means the Theewaterskloof Municipality, and includes reference to any duly delegated and / or appointed officials and / or service providers in terms of service level agreements of the Theewaterskloof Municipality;

“**premises**”, means any portion of property situated within the area of jurisdiction of the Theewaterskloof Municipality or in a reserve of the Theewaterskloof Municipality, of which the outer boundaries are demarcated on a general plan or diagram, registered in accordance with the applicable legislation;

“**person**”, means and includes for purpose of this by-law, a natural person, who participate in activities in a reserve and / or make use of the amenities and / or facilities in a reserve;

“**place**”, means any portion of land, located within a reserve of the Theewaterskloof Municipality, of which the outer boundaries have not been formally demarcated, but which have visible boundaries that delimits and defines the area or as pointed out by an authorized official, and “**area**” has a similar meaning; and

“**reserve**”, the premises as designated in the following provincial notices -  
(a) Victoria Park, Caledon - Provincial Notice No. 3301 of 16 July 1965;  
(b) Greyton Nature Park – Provincial Notice No. 616 of 13 May 1977; and  
(c) Villiersdorp Nature Reserve – Provincial Notice No. 303 of 14 March 1980.

## 2. APPLICABLE NATURE AND ENVIRONMENTAL REGULATIONS

- (1) The stipulations of the nature and environmental regulation promulgated in terms of Provincial Notice No. 955 of 29 August 1975, shall be *mutatis mutandis* applicable for the reserves, and any reference in such regulations to –
  - (a) a nature reserve , means a reference to a reserve; or
  - (b) the Director of the Department, means a reference to the Municipality.
- (2) No one may enter a reserve without the permission of the Municipality, and every person who enter a reserve shall be in possession of a permit issued by the Municipality, authorizing him or her to enter such a reserve.

## 3. FEES AND TARIFFS

The Municipality shall annually determine the fees and tariffs applicable for access to reserves or the use of any amenity, service, facility, entertainment, show or performance presented or provided or rendered by or on behalf of the Municipality, at or in a reserve.

#### **4. CAMPING AND PICKNICKING**

- (1) No one may camp or picnic in a reserve, except at such places and / or premises designated and allocated to a person and / or persons, and then only subject to the stipulations of this by-law.
- (2) The person or persons to whom a place and / or premises have been allocated in terms of subsection 4(1) of this by-law, shall be responsible for keeping the allocated area clean and tidy.

#### **5. PROHIBITED BEHAVIOUR**

- (1) No one may in a reserve -
  - (a) unlawfully enter any place or area, including any planted area, flower bed or lawn;
  - (b) sell anything or offer anything for sale, without obtaining the prior written approval of the Municipality;
  - (c) unreasonably refuse or fail to provide his or her personal particulars and address, when requested by an authorized official to provide such information;
  - (d) leave any vehicle unlocked and unattended;
  - (e) be in possession of any weapon, trap, explosive or poison, or remove any flora, fauna, soil, natural material, wood, bird nests, objects of historical, archaeological or scientific value, or any other object or asset of the Municipality;
  - (f) damage, disturb or destroy any flora or bird nests or disturb, hunt, chase, injure or kill any fauna;
  - (g) damage, misuse, destroy or deface in any way, any natural or other object in a reserve, or any asset of the Municipality;
  - (h) without the approval of the Municipality light any open fires, except at such places specifically designated for it;
  - (i) fail to extinguish any fire, or when a fire cannot be extinguished, fail to inform an authorized official about the locality of such a fire;
  - (j) dispose of any burning match, burning cigarette or a similar burning tobacco product, burning fire lighter or any combustible material, or perform any other irresponsible action that may cause a fire;

- (k) unlawfully drive any motor vehicle, motor cycle, three or four wheel quad bike, scooter, electric motor vehicle or any other similar vehicle on routes and places, where vehicular traffic are forbidden;
  - (l) dispose of or leave any trash, waste or any other objects at any place, except in identified waste containers specifically provided for waste disposal;
  - (m) throw, place or dispose of any item, medium or object in water, that may directly or indirectly cause any pollution;
  - (n) allow any dog, other domestic animals, livestock, donkeys, horses, mules or any other type of animal to enter a reserve, and where such animals are allowed, fail to keep such animals on a leash or any similar type of restraint;
  - (o) damage or remove or climb over any fence or enclosure, or a similar structure or a barricade;
  - (p) walk in the veld off recognised paths, tracks and trails, or in any place or on any road or route, where it is prohibited;
  - (q) create a disturbance, nuisance, impediment or hindrance, which can be offensive to other persons;
  - (r) ignore an instruction issued by an authorized official;
  - (s) restrict or obstruct an authorized official in the execution of his or her powers or duties in terms of this by-law; or
  - (t) undertake any action or activity, that is an offence in terms of any legislation regulating nature and environmental activities and areas.
- (2) A person who contravenes any of the provisions in subsection 5(1) of this b-law is guilty of an offence.

## **6. AUTHORIZED OFFICIALS**

- (1) The Municipality may appoint officials as may be required, for the supervision over and the control of nature reserves.
- (2) Every authorized official appointed in terms of subsection 6(1) of this by-law, shall be provided by the Municipality with a certificate of appointment, which he or she shall provide to any person requesting such proof of appointment.

(3) An authorized official may -

- (a) when reasonable grounds exist that a person has contravened any provisions of this by-law, or is in the process to contravene such provisions, request the personal particulars of such a person, and when such person is in possession of any apparatus, equipment, nets or tools used or that may be used for the contravention concerned, confiscate such apparatus, equipment, nets or tools;
- (b) request a person to provide the required permit in terms of this by-law for an activity, undertaken by such person in a reserve;
- (c) request any information from a person who is entering a reserve, which he or she consider to be necessary, to determine whether the provisions of this by-law have been complied with or not.

## **7. APPEALS**

A person whose rights are affected by a decision of the Municipality in terms of any delegated powers, may appeal against such a decision in terms of Section 62 of the Municipal Systems Act, by giving written notice of the appeal against such a decision and the reasons for the appeal to the Municipal Manager, within twenty one (21) days of the date of the notification of the decision.

## **8. EXEMPTION FROM STIPULATIONS**

Notwithstanding the stipulations of this by-law, the Municipality may exempt any person or groups of persons from any of the stipulations of this by-law.

## **9. OFFENCES AND PENALTIES**

Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this by-law, or fails to comply with a notice served in terms of this by-law, or fails to comply to an instruction issued by an authorized officer or posted on a notice board, is guilty of an offence and is liable on conviction, for –

- (a) a fine or imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment;
- (b) in the case of a successive or continuing offence, to an additional fine or additional period of imprisonment, or such additional imprisonment without the option of a fine, or to both such additional fine and such additional imprisonment, for every day such offence continues; and
- (c) any further amount as an order of court for costs, equal to any costs and / or expenses, deemed by the Court to have been incurred by the Municipality, as a result of such contraventions.

## 10. CONFLICT BETWEEN LEGISLATION

When any stipulation of this by-law, is in conflict with national and provincial legislation or regulations, the national and provincial legislation or regulations shall prevail.

## 11. REPEAL OF BY-LAWS

(1) The provisions of any by-laws previously promulgated by the Municipality, or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the Municipality, are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law.

(2) The following by-laws of the Theewaterskloof Municipality are hereby specifically repealed –

<b>Date published</b>	<b>Name of by-law</b>	<b>As a whole or partially</b>
PG 6234 dated 8 March 2005	Nature Reserves By-law	As a whole
PG 6234 dated 8 March 2005	Advisory Boards for Nature Reserves By-law	As a whole

## 12. SHORT TITLE

This by-law shall be called the Nature Reserves By-law of the Theewaterskloof Municipality.

## 13. OPERATIVE DATE

This by-law shall take effect on the date of publication.

## MUNISIPALITEIT VAN THEEWATERSKLOOF

### VERORDENING INSAKE NATUURRESERVATE

**Kragtens artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 verorden die Munisipale Raad van die Munisipaliteit van Theewaterskloof as volg:**

#### AANHEF

Die doel van die verordening is om –

- i) natuur- en omgewingsbewaring te bevorder in die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof; en
- ii) om voorsiening te maak vir prosedures, reëls en praktyke om die gebruik en bestuur van natuurreservate te reguleer.

#### INHOUDSOPGAWE

1. Interpretasie
2. Natuur- en omgewingsbewaringregulasies van toepassing
3. Fooie en tariewe
4. Kampering en piekniek
5. Verbode gedrag
6. Gemagtigde beamptes
7. Appèlle
8. Vrystelling van bepalings
9. Strafbepalings
10. Teenstrydighede met ander wetgewing
11. Herroeping van verordeninge
12. Kort titel
13. Inwerkingtreding

#### **1. INTERPRETASIE**

In hierdie verordening, geld die Engelse teks in die geval van enige teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, en tensy die konteks anders aandui, beteken -

**“gemagtigde beampte”**, `n beampte aangestel in terme van artikel 6 van hierdie verordening;

**“Munisipale Stelselwet”**, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig;

**“Munisipaliteit”**, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringsooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;



“**perseel**”, enige gedeelte grond, geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof of in ‘n reservaat van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, waarvan die buitegrense afgebaken is op ‘n algemene plan of ‘n diagram, wat in gevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is;

“**persoon**”, vir doeleindes van hierdie verordening, ‘n natuurlike persoon wat in ‘n reservaat is en / of aktiwiteite beoefen in ‘n reservaat en / of gebruik maak van die geriewe en / of fasiliteite wat in ‘n reservaat aangetref word;

“**plek**”, wat die begrip “**area**” insluit, enige gedeelte grond, wat insluit enige area geleë binne in ‘n reservaat van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, waarvan die buitegrense nie formeel afgebaken is nie, maar wel uitgewys is deur ‘n gemagtigde beampte of op een of ander wyse sigbaar aangetoon of afgebaken word; en

“**reservaat**”, die persele soos omskryf in die volgende provinsiale kennisgewings -  
(a) Victoria Park, Caledon - Provinsiale Kennisgewing No. 3301 van 16 Julie 1965;  
(b) Greyton Natuurpark – Provinsiale Kennisgewing No. 616 van 13 Mei 1977; en  
(c) Villiersdorp Natuurreservaat – Provinsiale Kennisgewing No. 303 van 14 Maart 1980.

## **2. NATUUR- EN OMGEWINGSBEWARINGREGULASIES VAN TOEPASSING**

- (1) Die bepalings van die natuur – en omgewingsbewarings regulasies soos afgekondig in gevolge Provinsiale Kennisgewing No. 955 van 29 Augustus 1975, is *mutatis mutandis* van toepassing op die reservate, en enige verwysing in sodanige regulasies na –
  - (a) ‘n natuurreservaat, word vertolk as ‘n verwysing na die reservate; of
  - (b) die Direkteur of die Departement word vertolk as ‘n verwysing na die Munisipaliteit
- (2) Niemand mag ‘n reservaat sonder die toestemming van die Munisipaliteit binnegaan nie, en elke persoon wat ‘n reservaat binnegaan, moet in besit wees van 'n permit deur die Munisipaliteit uitgereik, wat hom of haar magtig om sodanige reservaat binne te gaan.

## **3. FOOIE EN TARIEWE**

Die Munisipaliteit stel jaarliks die fooie en tariewe vas wat betaalbaar sal wees, ten opsigte van die gebruik van reservate of die toegang tot enige gerief, diens, fasiliteit, vermaaklikheid, vertoning of uitvoering wat deur die Munisipaliteit, of namens die Munisipaliteit, by of in ‘n reservaat ingestel of voorsien of gelewer word.

#### 4. KAMPERING EN PIEKNIK

- (1) Niemand mag in 'n reservaat kampeer of pieknik hou nie, behalwe ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening, en dan slegs op sodanige plekke en / of persele soos deur die Munisipaliteit aan sodanige persoon en / of persone toegewys.
- (2) Die persoon of persone aan wie 'n plek en / of perseel ingevolge subartikel 4(1) van hierdie verordening toegewys word, is verantwoordelik vir die netheid en sindelike van sodanige plek en / of perseel.

#### 5. VERBODE GEDRAG

- (1) Niemand mag in 'n reservaat –
  - (a) enige plek of area, wat insluit enige beplante area of blombedding of grasperk, wederregtelik betree nie;
  - (b) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, enige iets verkoop of te koop aanbied nie;
  - (c) sonder grondige rede weier of versuim om sy of haar persoonlike besonderhede en adres op aanvraag, aan 'n gemagtigde beampte te verstrek nie;
  - (d) enige motorvoertuig ongesluit en sonder toesig laat nie;
  - (e) in besit wees van enige wapen, strik, plofbare stof of gif, of enige flora, fauna, grond, natuurlike materiaal, hout, voëlneest, voorwerpe van historiese, argeologiese, of wetenskaplike belang, of enige ander voorwerp of bate wat aan die Munisipaliteit behoort, verwyder nie;
  - (f) enige flora of voëlneest beskadig, versteur of vernietig nie, of enige fauna versteur, jag, jaag, beseer of doodmaak nie;
  - (g) enige natuurlike of ander voorwerp in 'n reservaat of enige bate wat aan die Munisipaliteit behoort, op enige wyse beskadig, misbruik, vernietig of ontsier nie;
  - (h) sonder die toestemming van die Munisipaliteit enige oop vure maak nie, behalwe op sodanige plekke spesifiek daarvoor voorsien;
  - (i) versuim om enige brand te blus, of indien 'n brand nie geblus kan word nie, versuim om die ligging daarvan aan 'n gemagtigde beampte te rapporteer;

- (j) enige brandende vuurhoutjie, brandende sigaret of 'n ander soortgelyke brandende tabakprodukt of enige ander brandende aansteker of enige brandbare materiaal neergooi of enige ander onverantwoordelike handeling verrig, wat 'n brand kan veroorsaak;
  - (k) enige motorvoertuig, motorfiets, drie- of vierwielmotorfiets, bromponie, elektriese motorvoertuig ongemagtig op roetes en plekke waar voertuigverkeer verbied word, bestuur nie;
  - (l) enige rommel, afval of ander voorwerpe op enige plek stort of agterlaat nie, behalwe in geïdentifiseerde afvalhouers spesifiek daarvoor voorsien;
  - (m) enige item, middel of voorwerp in water gooi, plaas of stort nie, wat enige besoedeling direk of indirek tot gevolg kan hê;
  - (n) toelaat dat enige hond, ander huisdier, lewende hawe, donkies, perde, muile of enige ander tipe dier 'n reservaat binnegaan, en waar sodanige diere toegelaat word, nalaat om toe te sien dat sodanige dier aan 'n leiband of enige soortgelyke tipe harnas is;
  - (o) enige heinings of omheinings, of soortgelyke strukture of versperrings, beskadig of verwyder of daaroor klim nie;
  - (p) in die veld weg van erkende paaie, voetpaaie of spore loop, of op enige plek of op enige pad of roete loop, waar dit verbied word;
  - (q) 'n steurnis, oorlas, belemmering of hindernis, wat aanstoot kan gee vir ander persone, veroorsaak nie;
  - (r) 'n opdrag uitgereik deur 'n gemagtigde beampte verontagsaam nie;
  - (s) 'n gemagtige beampte hinder of belemmer in die uitvoering van enige van sy of haar magte of pligte ingevolge hierdie verordening nie; of
  - (t) enige optrede of aktiwiteit onderneem, wat 'n oortreding in terme van enige wetgewing wat natuur- en omgewingsbewing aktiwiteite en gebiede reguleer sal wees.
- (2) 'n Persoon wat hom of haar skuldig maak aan die oortreding van enige van die bepalings in subartikel 5(1) van hierdie verordening, is skuldig aan 'n oortreding.

## **6. GEMAGTIGDE BEAMPTES**

- (1) Die Munisipaliteit kan sodanige beamptes aanstel as wat nodig geag word, vir die toesig oor en die beheer van reservate.

- (2) Elke gemagtigde beampte wat ingevolge subartikel 6(1) van hierdie verordening aangestel word, moet deur die Munisipaliteit voorsien word van 'n sertifikaat van aanstelling en sodanige beampte moet op versoek van enige persoon, sy of haar sertifikaat van aanstelling toon.
- (3) 'n Gemagtigde beampte mag –
- (a) indien hy of sy op redelike gronde vermoed dat 'n persoon enige bepalings van hierdie verordening verbreek het of besig is om dit te verbreek, versoek dat sodanige persoon sy of haar persoonlike besonderhede moet verskaf en indien sodanige persoon enige apparate, toerusting, nete of gereedskap in sy of haar besit het, wat moontlik gebruik was of gebruik kan word om die betrokke oortreding te begaan, dit as sodanig konfiskeer;
  - (b) versoek dat enige persoon wat besig is met 'n handeling waarvoor 'n permit benodig word in terme van hierdie verordening, sodanige permit toon; en
  - (c) enige inligting versoek van 'n persoon wat 'n reservaat binnegaan of aldaar teenwoordig is, wat deur die gemagtigde beampte nodig geag te wees om vas te stel of die bepalings van hierdie verordening nagekom word.

## **7. APPÈLLE**

'n Persoon wie verontreg voel oor 'n besluit geneem deur die Munisipaliteit, ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Munisipale Stelselwet, teen sodanige besluit appèlleer, deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl, en redes vir die appèl te verstrek.

## **8. VRYSTELLING VAN BEPALINGS**

Nieteenstaande die bepalings van hierdie verordening, mag die Munisipaliteit enige persoon of groep van persone vrystel van enige of al die bepalings van hierdie verordening.

## **9. STRAFBEPALINGS**

'n Persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening of 'n instruksie uitgereik deur 'n gemagtigde beampte of aangebring op 'n kennisgewingbord, begaan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding -

- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf opgelê word;
- (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf, vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, opgelê word; en
- (c) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

## 10. TEENSTRYDIGHEDE MET ANDER WETGEWING

In die geval van teenstrydighede tussen enige bepaling van hierdie verordening, en nasionale en provinsiale wetgewing en regulasies, sal sodanige nasionale en provinsiale wetgewing en regulasies, voorrang geniet.

## 11. HERROEPING VAN VERORDENINGE

- (1) Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hiermee herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.
- (2) Die volgende verordeninge van die Munisipaliteit van Theewaterskloof word hiermee spesifiek herroep -

Datum gepubliseer	Naam van verordening	In die geheel of gedeeltelik
PK 6234 gedateer 8 Maart 2005	Verordening insake Natuurreserve	In die geheel
PK 6234 gedateer 8 Maart 2005	Verordening insake die adviesraad vir die natuurreserve	In die geheel

## 12. KORT TITEL

Hierdie verordening sal bekend staan as die Verordening insake Natuurreserve van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

**13. INWERKINGTREDING**

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.



